



**Wes-Kaapse
Regering**

Maatskaplike Ontwikkeling

BETER TESAME.

JAARLIKSE PRESTASIEPLAN

2016/2017

VRYWARING

Die Engelse weergawe van die Jaarlikse Prestasieplan word as die amptelike teks beskou. Die Departement kan nie aanspreeklik gehou word vir enige waninterpretasie wat in die vertalingsproses vergekom het nie.

Hierdie jaarlikse prestasieplan is opgestel deur die hoofdirektoraat: sakebeplanning en strategie, Departement van Maatskaplike Ontwikkeling.

Om addisionele afskrifte van hierdie dokument te bekom, kontak asseblief:

Die Departementshoof
Departement van Maatskaplike Ontwikkeling
Privaatsak X9112
Kaapstad
8000
Suid-Afrika

Tel: +27-21-4834436
Faks: +27-21-4836824
e-pos: Connie.Majambe@westerncape.gov.za

PR30/2016
ISBN: 978-0-621-44302-8

Titel van publikasie: Wes-Kaapse Departement van Maatskaplike Ontwikkeling, Jaarlikse Prestasieplan 2016/17

TOLVRYE NR: 0800 220 250

WEBWERF: <http://www.westerncape.gov.za>

VOORWOORD

Provinsiale Minister van Maatskaplike Ontwikkeling

As Wes-Kaapse minister vir maatskaplike ontwikkeling, is ek bevoorreg om hierdie departement reeds vir bykans twee jaar in hierdie nuwe vyf-jaar-ampstermyn te kon lei. In hierdie termyn is ons vasbeslote om ons konstitusionele, wetgewende en verkiesingsmandate sowel as die doelwitte van die nasionale ontwikkelingsplan (NOP) doeltreffend en doelmatig gestand te doen. Gedurende hierdie termyn word die werk van Maatskaplike Ontwikkeling begelei deur 'n stel van vyf provinsiale strategiese doelstellings (PSD's) wat hierdie onderskeie mandate verenig en hulle in 'n stel diensleweringsprioriteite omskakel. Van besondere belang vir maatskaplike ontwikkeling is PSD 2: Om onderwysuitkomste en geleenthede vir jeugontwikkeling te verbeter, en PSD 3: Om welstand en veiligheid te verhoog en maatskaplike euwels te verminder.

Vanjaar se jaarlikse prestasieplan (JPP) bou voort op die eerste stappe wat die departement geneem het om sy strategiese doelstellings te verwesenlik, welke doelstellings ag geslaan het op die jongste navorsingsdata oor sosio-ekonomiese behoeftes en uitdagings in die provinsie.

PSD 2 verg dat ons ons dienste op ondersteuning rig en, waar nodig, jong kinders beskerm sodat hulle skoolgereed is en in skole kan aanbly om sodende hul reg tot veilige en toereikende sorg gestand te doen. Voorts noop dit ons om selfs meer klem te plaas op die ontwikkeling van die jeug nadat hulle skool verlaat het sodat hulle die gaping tussen om onderrig te word en om finansieel onafhanklik te wees, kan oorbrug. Ondermeer verg dit van ons:

- ➊ Om die opvoedkundige aspekte rondom vroeëkinderontwikkeling (VKO) te versterk waar die grootste nood bestaan, met ander woorde in gemeenskappe waar skoolgereedheid te kort skiet;
- ➋ Om toegang tot meer vaardighedsontwikkeling- en ekonomiese geleenthede te faciliteer vir jongmense wat hul skoolopleiding voltooi het; en
- ➌ Om te verseker dat skole toegang het tot maatskaplike werkdienste sodat kinders wat risikogedrag openbaar, of deur trauma geaffekteer word, bygestaan kan word.

Ek bly onwrikbaar in my voorname om geleenthede vir kinders en die jeug te ondersteun en te verhoog. Namate ons die ontplooiing van die provinsiale VKO-strategie en jeugstrategie voortsit, sal ons verseker dat programme vir jongmense volhoubaar is en 'n betekenisvolle impak op hul lewens het, in die besonder namate dit met die verlaging van werkloosheid onder die jeug verband hou. Met hierdie doel voor oë is ons inisiatiewe daarop gerig om jongmense te help om ekonomies selfonderhoudend, onafhanklik en gesond te wees; positiewe gesin-, persoonlike en sosiale verhoudinge te handhaaf; en 'n aktiewe bydrae tot die gemeenskap te lever. In hierdie verband is een van die innovasies wat deur my kantoor geïnisieer is 'n program om vaardighede aan die jeug oor te dra waarby jongmense van oral in die provinsie betrek word. Die program het tot dusver 33 landelike dorpe bereik en meer as 185 jongmense betrek en sal in die nuwe boekjaar ontplooい word om meer gemeenskappe te betrek.

PSD 3 verg, onder andere, dat ons psigososiale ondersteuningsdienste bied ten einde die skade verwant aan maatskaplike euwels in die provinsie te verlaag, soos:

- ➊ Behandeling en verwante intervensies vir middelmisbruik;
- ➋ Intervensies om kinders teen mishandeling en verwaarlozing te beskerm;
- ➌ Versorging en ondersteuning van slagoffers van gesinsgeweld; en
- ➍ Ondersteuning aan gesinne en ouers wat in gevaar verkeer.

Die dienste wat spesifiek deur hierdie departement gelewer word, waarvoor 'n eie stel standaarde en praktyke neergelê is, sal gebruik word om tot 'n groter prentjie by te dra waarin hierdie departement saam met ander departemente daaraan werk om ons vernaamste provinsiale uitkomste aan te dryf, met insluiting van:

1. Kinders wat gesond is en al hoe beter onderrig word;
2. Jongmense wat positief en betrokke is;
3. Gesinne wat veerkragtig is;
4. Gemeenskappe wat energiek en veerkragtig is; en
5. 'n Werksmag wat gesond en produktief is.

Ten einde te verseker dat die departement sy mandaat binne 'n toenemend beperkte ekonomiese omgewing tot uitvoer kan bring, behels hierdie taak deels dat organisatoriese ontwikkeling deurentyd verbeter moet word. Die konsolidering en versterking van bestuurstelsels en interne beheermaatreëls is en bly 'n prioriteit vir hierdie departement, veral namate hierdie stelsels en maatreëls betrekking het op die akkuraatheid en bruikbaarheid van die departement se prestasie-inligting. Om akkurate prestasiedata vanaf meer as 2 000 gekontrakteerde organisasies sonder winsbejag (OSW's), 35 plaaslike diensleweringskantore en 'n reeks departementeelbestuurde residensiële fasiliteite vir kinders en volwassenes te bekom, is 'n groot uitdaging. Dit is allerbelangrik dat ons deurentyd moet weet waar ons met die realisering van ons strategiese doelstellings staan; insgelyks moet ons die publiek die versekering kan bied dat fondse wat vir hierdie dienste bestem is, maksimale voordele vir die armes en die kwesbare gemeenskappe van die Wes-Kaap oplewer.

As 'n departement is ons steeds onwrikbaar in ons voorneme om ons deel te doen en te sorg dat daar na die mense van die Wes-Kaap omgesien word. Om doeltreffend werk te maak van die maatskaplike uitdagings waarvoor ons te staan kom, bly 'n oorweldigende taak, veral binne die konteks van 'n snelgroeiente provinsiale bevolking en 'n krimpende nasionale fiskus. Ek vertrou dat hierdie JPP ons respons op hierdie uitdaging op 'n duidelike en gefokusde manier verwoord en dat dit ons bestuur en personeel goed sal begelei namate hulle met die implementering daarvan voortgaan.



PROVINSIALE MINISTER VAN MAATSKAPLIKE ONTWIKKELING

Advokaat A. Fritz

Datum: 02 Maart 2016

AMPTELIKE AFTEKENING

Daar word hiermee gesertifiseer dat hierdie jaarlikse prestasieplan:

- Deur die bestuur van die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling, onder leiding van adv. Albert Fritz, ontwikkel is en in ooreenstemming met die departement se strategiese plan voorberei is;
- Ag slaan op alle tersaaklike beleide, wetgewing en ander mandate waarvoor die departement verantwoordelik is;
- Die prestasieteikens wat die departement van voorneme is om te behaal, gegewe die hulpbronne wat in die begroting vir 2016/17 beskikbaar gestel is, akkuraat weerspieël.



me. Marion Johnson
Hoofdirekteur: Sakebeplanning en -strategie



mnr. Juan Smith
Hoof- finansiële beamppte (HFB)



dr. Robert Macdonald
Rekenpligtige beamppte


Goedgekeur deur:



adv. Albert Fritz
Uitvoerende gesag
Datum: 02 Maart 2016

Inhoud

VRYWARING	2
VOORWOORD	3
AMPTELIKE AFTEKENING	5
DEEL A: STRATEGIESE OORSIG	13
1 Visie	13
2 Missie	13
3 Waardes	13
4 Wetgewende en ander mandate en kernfunksies	14
4.1 Konstitutionele mandate	14
4.2 Wetgewende mandate	14
4.3 Kernfunksies van die departement	16
4.4 Beleidsmandate	16
4.5 Tersaaklike hofuitsprake	19
4.6 Beplande beleidsinisiatiewe	19
5 Omstandigheidsontleding	20
5.1 Prestasie-omgewing	20
5.2 Organisatoriese omgewing	22
5.3 Organisatoriese Struktuur	27
5.4 Beskrywing van die strategiese beplanningsproses	28
5.5 Bewerkstelling van ooreenstemming tussen die departementele mandate en die tersaaklike hoofstukke van die nasionale ontwikkelingsplan (NOP), uitkomste van die mediumtermyn-strategiese raamwerk (MTSR), EenKaap2040 en provinsiale strategiese doelstellings (PSD)	29
6 Departementele strategiese uitkomsgeoriënteerde doelstellings	32
7 Oorsig van 2016/17-begroting en MTUR-ramings	34
7.1 Beraamde uitgawes	34
Begrotingsbesluite	36



37

DEEL B: STRATEGIESE DOELWITTE EN PROGRAMMINLIGTING

38

8 Program 1: Administrasie	39
8.1 Rekonsiliasie van prestasieteikens met die begroting en MTUR	41
8.2 Risikobestuur	43
Subprogram 2.1 Bestuur en ondersteuning	44
Subprogram 2.2 Dienste aan ouer persone	44
Subprogram 2.3 Dienste vir persone met gestremdhede	47
Subprogram 2.4 MIV en VIGS	49
Subprogram 2.5 Maatskaplike noodleniging	50
8.3 Rekonsiliasie van prestasieteikens met die begroting en MTUR	52
Beraamde uitgawes	52
8.4 Risikobestuur	54
9 Program 3: Kinders en Gesinne	55
Subprogram 3.1 Bestuur en ondersteuning	55
Subprogram 3.2 Versorging van en dienste aan gesinne	55
Subprogram 3.3 Kindersorg-en-beskerming	57
Subprogram 3.4 VKO en gedeeltelike sorg	60
Subprogram 3.5 Kinder-en-jeugsorgsentrums	62
Subprogram 3.6 Gemeenskapsgebaseerde versorgingsdienste vir kinders	64
9.1 Rekonsiliasie van prestasieteikens met die begroting en MTUR	65
Beraamde uitgawes	65
Prestasie en bestedingstendense	67
9.2 Risikobestuur	67
10 Program 4: Herstellende Dienste	68
Doel van die program	68
Verskaf geïntegreerde ontwikkelingsgerigte maatskaplikemisdaadvorkoming- en anti-middelmisbruikdienste aan die kwesbaarste mense in vennootskap met belanghebbers en organisasies vanuit die burgerlike samelewing.	68
Subprogram 4.1 Bestuur en ondersteuning	68

Subprogram 4. 2 Misdaadvorkoming en ondersteuning	68
Subprogram 4. 3 Slagofferbemagtiging	72
Subprogram 4. 4 Middelmisbruik, voorkoming en rehabilitasie	74
10.1 Rekonsiliasie van prestasieteikens met die begroting en MTUR	77
Beraamde uitgawes	77
Prestasie en bestedingstendense	79
10.2 Risikobestuur	79
11 Program 5: Ontwikkeling en Navorsing	80
Subprogram 5.1 Bestuur en ondersteuning	80
Subprogram 5.2 Gemeenskapsmobilisering	80
Subprogram 5.3 Institusionele kapasiteitsbou (IKB) en ondersteuning vir OSW's	80
Subprogram 5.5 Gemeenskapsgebaseerde navorsing en beplanning	84
Subprogram 5.6 Jeugontwikkeling	84
Subprogram 5.7 Vroue-ontwikkeling	87
Subprogram 5.8 Bevordering van bevolkingsbeleid	87
Beraamde uitgawes	89
Prestasie en bestedingstendense	91
11.1 Risikobestuur	91
DEEL C: KOPPELINGS MET ANDER PLANNE	93
12 Koppelings met langtermyn-infrastruktuurplanne en ander kapitaalplanne	93
13 VOORWAARDELIKE TOEKENNINGS	95
14 OPENBARE ENTITEITE	95
15 OPENBARE-PRIVATE-VENNOOTSKAPPE	95
BYLAE A: VERANDERINGS AAN STRATEGIESE PLAN 2015	96
BYLAE B: TABELLE TER BESKRYWING VAN TEGNIESE AANWYSERS	98

PROGRAM 1: ADMINISTRASIE	98
STRATEGIESE UITKOMSGEORIËNTEERDE DOELSTELLING 1: VERBETERDE KORPORATIEWE BESTUURSBEHEER	98
Subprogram 1.2 Korporatiewe bestuursdienste	100
PROGRAM 2: MAATSKAPLIKE WELSYNSDIENSTE	108
STRATEGIESE UITKOMSGEORIËNTEERDE DOELSTELLING 2: VERSTERK ARM EN KWESBARE MENSE SE MAATSKAPLIKE FUNKSIONERING DEUR MAATSKAPLIKE WELSYNSDIENSTE	108
Subprogram 2.2: Dienste vir ouer persone	109
Subprogram 2.3 Dienste vir persone met gestremdhede	111
Subprogram 2.5 Maatskaplike noodleniging	116
PROGRAM 3: KINDERS EN GESINNE	119
STRATEGIESE UITKOMSGEORIËNTEERDE DOELSTELLING 3: OMVATTENDE KINDER-, GESINSORG- EN ONDERSTEUNINGSDIENSTE OM DIE REGTE VAN KINDERS TE BESKERM EN MAATSKAPLIKE WELSYN TE BEVORDER.	119
Subprogram 3.2 Versorging van en dienste aan gesinne	120
Subprogram 3.3 Kindersorg-en-beskerming	123
Subprogram 3.5 Kinder-en-jeugsorgsentrums	134
Subprogram 3.6 Gemeenskapsgebaseerde versorgingsdienste vir kinders	136
PROGRAM 4: HERSTELLENDE DIENSTE	138
STRATEGIESE UITKOMSGEORIËNTEERDE DOELSTELLING 4: MAAK WERK VAN MAATSKAPLIKE EUWELS DEUR OMVATTENDE MISDAADVOORKOMINGSPROGRAMME EN PROGRAMME VIR DIE VOORKOMING EN REHABILITERING VAN MIDDELMISBRUIK AAN TE BIED.	138
Subprogram 4.2 Misdaadvoorkoming en ondersteuning	139
Subprogram 4.3 Slagofferbemagtiging	144
Subprogram 4.4 Middelmisbruik, voorkoming en rehabilitasie	146
PROGRAM 5: ONTWIKKELING EN NAVORSING	151

STRATEGIESE UITKOMSGEORIËNTEERDE DOELSTELLING 5: SKEP GELEENTHEDE DEUR GEMEENSKAPONTWIKKELINGSDIENSTE	151
Subprogram 5.3 Institusionele kapasiteitsbou en ondersteuning vir OSW's	152
Subprogram 5.4 Armoedeeverligting en volhoubare lewensmiddele	156
Subprogram 5.6 Jeugontwikkeling	158
Subprogram 5.8 Bevordering van bevolkingsbeleid	161
TABELLE TER BESKRYWING VAN TEGNIESE AANWYSERS	163
BYLAE C: LYS VAN KONTAKTE	164
BYLAE D: AKRONIEME	168
BYLAE E: SEKTORAANWYSERS NIE DEUR WK DMO GERAPPOERTEER NIE	171
BYLAE F: VENNOOTSKAP OOREENKOMSTE	173

DEEL A: STRATEGIESE OORSIG

DEEL A: STRATEGIESE OORSIG

1 Visie

'n Selfstandige samelewing

2 Missie

Om die voorsiening van 'n omvattende netwerk van maatskaplike-ontwikkelingsdienste te verseker wat die armes, kwesbare mense en diegene met spesiale behoeftes van geleenthede voorsien en bemagtig.

3 Waardes

Die kernwaardes van die Wes-Kaapse Regering (WKR), wat deur die departement onderskryf word, is as volg:



Sorgsaamheid

Om om te gee vir diegene in wie se diens ons is en met wie ons werk



Bevoegdheid

Die vermoë en kapasiteit om die werk te doen waarvoor ons aangestel is



Aanspreeklikheid

Ons aanvaar verantwoordelikheid



Integriteit

Om eerlik te wees en die regte ding te doen



Innovasie

Om oop te wees vir nuwe idees en kreatiewe oplossings te ontwikkel vir probleme op 'n vindingryke wyse



Sensitiwiteit

Om die behoeftes van ons burgers en werknemers te dien

Die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling is tot die volgende vername diensleweringsbeginsels verbind:

Om anders te werk te gaan

Die departement sal daarna streef om alternatiewe en innoverende werkswyses te verken en te toets ten einde binne die kortste moontlike tyd maksimum resultate te behaal sonder om aan gehalte in te boet.

● Oorlegpleging en insluiting

Ons sal deurlopend aandag daaraan skenk om sinvol met ons vennote en belanghebbers in gesprek te tree, soos in die Wet op die Raamwerk vir Interregeringsverhoudinge (Wet 13 van 2005) omskryf.

● Toeganklikheid

Toeganklikheid van dienste vir diegene wat dit nodig het, is essensieel. Die departement sal aanhou om oor die tydperk van die mediumtermyn-uitgaweraamwerk (MTUR), waar nodig, sy struktuur en prosesse te moderniseer.

● Aanspreeklikheid en deursigtigheid

Goeie institusionele bestuursbeheer sal verseker word deur die implementering van resultaatgeoriënteerde monitering, evaluering en verslagdoening, gesonde sakeprosesse, beleide en die opskeping van nakoming ten einde aanspreeklikheid en prestasie te verbeter.

4 Wetgewende en ander mandate en kernfunksies

4.1 Konstitusionele mandate

Wetgewing	Impak op DMO se funksionaliteit
Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996	Artikel 28(1) van die Grondwet sit kinders se regte ten opsigte van gepaste sorg (basiese voeding, skuiling, gesondheidsorgdienste en maatskaplike dienste) uiteen en bepaal dat die aanhouding van kinders 'n laaste uitweg moet wees.
Grondwet van die Wes-Kaap, 1997 (Wet 1 van 1998)	Artikel 78 van die grondwet sit die pligte van die Kinderkommissaris uiteen wie die WKR van hulp moet wees in die bevordering en beskerming van die kinders van die Wes-Kaap en verwys in die besonder na welsynsdienste.

4.2 Wetgewende mandate

Wetgewing	Impak op DMO se funksionaliteit
Wysigingswet op Proefdienste, 2002 (Wet 35 van 2002)	<ul style="list-style-type: none"> ● Hierdie wysigingswet se doel is om die Wet op Proefdienste van 1991 te wysig ten einde die volgende omskrywings in te voeg: ● Om verdere bepalings neer te lê vir programme wat op die voorkoming en bekamping van misdaad gerig is; ● Die magte en pligte van proefbeamptes uit te brei; ● Die pligte van assistentproefbeamptes te bepaal; ● Die verpligte evaluering van gearresteerde kinders te bepaal; ● Die daarstelling van 'n proefdiensadvieskomitee te bepaal; ● Die aanwysing van familie-opspoorders te bepaal; en om bepalings neer te lê vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.
Wet op Organisasies sonder Winsoogmerk, 1997 (Wet 71 van 1997)	<ul style="list-style-type: none"> ● Die doel van hierdie wet is om OSW's te ondersteun deur 'n administratiewe en regulatoriese raamwerk daar te stel waarbinne OSW's hul sake kan doen.
Wet op Gesinsgeweld, 1998 (Wet 116 van 1998)	<ul style="list-style-type: none"> ● Die doel van hierdie wet is om aan slagoffers van gesinsgeweld die maksimum beskerming teen mishandeling te bied.
Wet op Maatskapliedienstberoep, 1978 (Wet 110 van 1978) – gewysig 1995, 1996 en 1998	<ul style="list-style-type: none"> ● Dié wet het die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskapliedienstberoep (SARMD) daargestel wat die magte en funksies van die maatskapliedienstraad en -beroep omskryf.
Kinderwet, 2005 (Wet 38 van	<ul style="list-style-type: none"> ● Dié wet is op 1 April 2010 by wyse van 'n presidensiële proklamasie in werking gestel en omskryf:

Wetgewing	Impak op DMO se funksionaliteit
2005)	<ul style="list-style-type: none"> Die regte en verantwoordelikhede van kinders; Ouerlike verantwoordelikhede en regte; Beginsels van en riglyne vir die beskerming van kinders; Die bevordering van die welstand van kinders; en Die konsolidasie van die wette wat met die welsyn en beskerming van kinders verband hou, en lê ook bepalings neer vir aangeleenthede wat hiermee verband hou. <ul style="list-style-type: none"> Die primêre fokus van die tweede hersiening van die Kinderwet was die bevinding van die Suid-Gautengse Hooggereghof gedateer April 2011 rakende die korrekte vertolking van artikel 150(1)(a) van die wet. Die hof het gevind dat: <ul style="list-style-type: none"> 'n Versorger wat 'n wettige sorgsaamheidsplig het (in hierdie geval 'n ouma), as 'n pleegouer aangestel kan word; en Nog die Kinderwet nog die Wet op Maatskaplike Hulp of sy regulasies vereis dat die pleegouer se inkomste ondersoek moet word. Derhalwe moet die finansiële situasie van die kinders wat 'n behoeftte aan sorg en beskerming het, in ag geneem word en nie dié van die pleegouer nie. Waar pleegouers wat 'n wettige ondersteuningsplig het nie die finansiële middelle het om dit te doen nie, moet hulle om 'n pleegsorgtoekenning aansoek doen.
Wet op Ouer Persone, 2006 (Wet 13 van 2006)	<ul style="list-style-type: none"> Die wet wat deur 'n presidensiële proklamasie op 1 April 2010 in werking gestel is, is afgestem op die bemagtiging en beskerming van ouer persone met insluiting van hul status, regte, welstand, veiligheid en sekuriteit sowel as die bekamping van die misbruik van ouer persone. Die wet bevorder 'n ontwikkelingsgerigte benadering wat erkenning verleen aan die volgende: <ul style="list-style-type: none"> wysheid en vaardighede van ouer persone; ouer persone se deelname aan gemeenskapsake; regulering van die registrasie van ouer persone se dienste; en daarstelling en bestuur van dienste en fasiliteite vir ouer persone. Anders as die Wet op Bejaarde Persone, 1967 (Wet 81 van 1967) het die klem vanaf institusionele sorg na gemeenskapgebaseerde sorg verskuif ten einde te verseker dat ouer persone vir so lank as moontlik in die gemeenskap bly.
Wet op die Voorkoming en Behandeling van Middelmisbruik, 2008 (Wet 70 van 2008)	<ul style="list-style-type: none"> Die wet lê bepalings neer vir die implementering van omvattende en geïntegreerde dienslewering op die terrein van middelmisbruik onder alle staatsdepartemente. Die hoofklem van hierdie wet is die bevordering van gemeenskapgebaseerde en vroeë-intervensieprogramme sowel as die registrasie van alle terapeutiese intervensies ten opsigte van middelmisbruik.
Wet op Kindergeregtigheid, 2008 (Wet 75 van 2008)	<ul style="list-style-type: none"> Dié wet stel 'n proses vir strafregspiegeling daar vir kinders wat daarvan beskuldig word dat hulle oortredings begaan het en het ten doel om die regte van kinders te beskerm.
Wysigingswet op Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede, 2012 (Wet 6 van 2012)	<ul style="list-style-type: none"> Hierdie wet wysig die Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2007, om uitdruklik te bepaal dat die ople van strawwe ten opsigte van sekere misdrywe wat in die wet vervat is aan die diskresie van die howe oorgelaat word, en lê ook bepalings neer vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.
Wet op die Voorkoming en Bekamping van Mensehandel, 2013 (Wet 7 van 2013)	<ul style="list-style-type: none"> Die wet bring die Verenigde Nasies (VN) se protokol om mensehandel (veral vroue en kinders) te voorkom, te onderdruk en te straf, tot uitvoer en vul sodende die VN se konvensie teen

Wetgewing	Impak op DMO se funksionaliteit
	transnasionale georganiseerde misdaad aan.
Wet op die Raamwerk vir Interregeringsverhoudinge, 2012 (Wet 13 van 2012)	Die wet het ten doel om groter betrokkenheid tussen die drie regeringsfere te bevorder met die oog daarop om 'n stabiele en responsiewe regeringstelsel te bevorder wat die waardes en beginsels van staatsadministrasie versterk.

4.3 Kernfunksies van die departement

Die departement is tot die volgende twee kernfunksies verbind:

- 'n **Maatskaplike welsynsdiens** aan arm en kwesbare mense in vennootskap met belanghebbers en organisasies vanuit die burgerlike samelewing; en
- 'n **Gemeenskapsontwikkelingsdiens** wat volhoubare ontwikkelingsprogramme ter fasilitering van die bemagtiging van gemeenskappe voorsien.

4.4 Beleidsmandate

- **Mediumtermyn- strategiese raamwerk (MTSR) (2014-2019):** Hierdie mediumtermyn-strategiese raamwerk (MTSR) is die regering se strategiese plan vir die 2014-2019-verkiesingstermyn. Dit weerspieël die beloftes wat in die regerende party se verkiesingsmanifes gemaak is, insluitend die voorneme om die NOP te implementeer. Die MTSR stippel die regering se handelinge uit sowel as die teikens wat behaal moet word. Die MTSR het ten doel om beleidsamehang, -ooreenstemming en -koördinering oor alle regeringsplanne heen sowel as ooreenstemming met begrotingsprosesse te verseker.
- **Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP) (2012):** Die Nasionale Beplanningskommissie het die "Nasionale Ontwikkelingsplan: Visie vir 2030" op 11 November 2011 gepubliseer as 'n stap om 'n nuwe weg vir Suid-Afrika uit te stip wat daarna streef om teen 2030 armoede uit te wis en ongelykheid te verminder. Die bygewerkte "Nasionale Ontwikkelingsplan 2030: Ons toekoms – maak dit werk" is in die loop van 2012 gepubliseer.
- **EenKaap2040: Van Visie tot Aksie (2012):** Die WKR het hierdie visie in Oktober 2012 aanvaar. Dit het ten doel om 'n transisie na 'n meer inklusiewe en veerkrachtige ekonomiese toekoms vir die Wes-Kaap te stimuleer. Dit verwoord 'n visie oor hoe die mense van die Wes-Kaap saam daaraan kan werk om hul streeksekonomie en die samelewing oor die algemeen te ontwikkel deur beplanning en optrede ter bevordering van 'n gemeenskaplike verbintenis tot en aanspreeklikheid vir volgehoue langtermynvoortgang uit te stip.
- **Provinciale Strategiese Plan (PSP) 2015-2020:** Die PSP is 'n vyfjaarplan wat die WKR se strategieë en planne vir die volgende vyf jaar uiteensit. Die WKR het vyf strategiese doelstellings geïdentifiseer in sy streeve om oor die volgende vyf jaar tot die verwesenliking van die NOP se doelwitte en doelstellings by te dra.
- **Die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn (1997):** Die witskrif dien sedert 1994 as die grondslag vir maatskaplike welsyn deur begeleidende beginsels, beleide en programme vir ontwikkelingsgerigte maatskaplikewelsynstelsels te bepaal.

- **Die Witskrif oor Bevolkingsbeleid vir Suid-Afrika (1998):** Die witskrif bevorder die ontwikkeling en handhawing van alle Suid-Afrikaners se lewensgehalte deur bevolkingsvraagstukke by die ontwikkelingsbeplanning van die onderskeie regeringsfere en alle sektore van die samelewning te integreer. Die departement is gemandateer om die implementering van die beleid te moniteer sowel as die impak daarvan op bevolkingstendense en -dinamika binne die konteks van volhoubare mense-ontwikkeling.
- **Departement van Maatskaplike Ontwikkeling se Beleid insake die Befondsing van Nieregeringsorganisasies vir die Lewering van Maatskaplikewelsyn- en Gemeenskapsontwikkelingsdienste (2013):** Goedgekeur vir implementering vanaf 1 April 2013, verseker hierdie beleid dat oordragbetalings op 'n deursigtige wyse bestuur word wat aanspreeklikheid, doeltreffende administrasie, duidelike prestasievereistes en die beginsels van administratiewe geregtigheid bevorder. Hierdie beleid stem ooreen met die nasionale beleid oor finansiële toekennings.
- **Die Witskrif op die Gesin (2013):** Die hoofdoel van hierdie witskrif is om gesinswelstand te kweek, gesinne en die gesinslewe te bevorder en te versterk en gesinskwessies voorop te stel in regeringswyse beleidmakingsinisiatiewe. Die departement ontwikkel tans 'n provinsiale plan vir die implementering van die Witskrif op Gesinne.
- **Die Raamwerk vir Maatskaplikewelsynsdienste (2011):** Hierdie goedgekeurde nasionale raamwerk stem ooreen met die geïntegreerde diensleweringsmodel (GDLM) en lê bepalings neer vir 'n gestandaardiseerde proses waardeur maatskaplike werkers generiese maatskaplikewelsynsdienste sal voorsien wat van die verlangde gehalte, omvattend, geïntegreer en regtegebaseerd is en wat oor voldoende hulpbronne beskik.
- **Die Generiese Norme en Standaarde vir Maatskaplikewelsynsdienste (2011):** Verskaf die maatstawwe vir die lewering van maatskaplikewelsynsdienste van gehalte en maak deel uit van die Raamwerk vir Maatskaplikewelsynsdienste.
- **Die Regulasies vir Proefdienste (2013):** Hierdie regulasies wat in Regulasiekoerantnr. 36159, gedateer 15 Februarie 2013, vol. 572, nr. 9911 gepubliseer is, is afgestem op die regulering en verbetering van proefdienste.
- **Nasionale Dwelmeesterplan (2008):** Die plan maak dit moontlik om departemente en plaaslike owerhede ooreenkomsdig die Wet op die Voorkoming en Behandeling van Middelmisbruik (Wet 70 van 2008) te koördineer. Sy doel is om te verseker dat die land 'n eenvormige respons op middelmisbruik het.
- **Die Supervisieraamwerk vir die Maatskaplikewerkberoep in Suid-Afrika (2011):** Bepaal die raamwerk vir die doeltreffende supervisie van maatskaplike werkers, studentmaatskaplikewerkers, hulpmaatskaplikewerkers, leerling-hulpmaatskaplikewerkers, maatskaplikewerkspesialiste en privaatpraktisyens ten einde bedreve, professionele maatskaplikewerkpraktyke te verseker wat in die beste belang van diensgebruikers binne die Suid-Afrikaanse maatskaplike sektor is.
- **Gehalteversekeringsraamwerk vir Maatskaplike Welsyn (2013):** Hierdie raamwerk lê bepalings neer vir 'n konsekwente stelsel en duidelike standaarde vir die evaluering van die doeltreffendheid van maatskaplikewelsynsdienste en die deurlopende verbetering daarvan.
- **Gehalteversekeringsraamwerk vir prestasiemonitering van maatskaplikewelsyn- en gemeenskapsontwikkelingsdienstlewering (2015):** Hierdie raamwerk stem ooreen met die Gehalteversekeringsraamwerk vir Maatskaplike Welsyn (2013) en stel omvattende prestasiemonitering voor via 'n gehalteversekeringsbenadering tot gemeenskapsontwikkeling- en maatskaplikewelsynsdienste in die departement sowel as

die OSW-sektor in hierdie provinsie. Dit fokus ook op gehalteverbetering in dienslewering en omskryf die standarde vir diensuitnemendheid en hoe dit gemoniteer en bestuur behoort te word.

- **Die Gehalteversekeringsstrategie vir Kinder-en-jeugsorgsentrums (KJSS'e):** Die ontwikkeling en bestuur van 'n strategie om te verseker dat gehalteversekerings by kinder-en-jeugsorgsentrums uitgevoer word, soos deur artikel 211 en regulasie 89 van die Kinderwet gemandateer.
- **Verbeterde strategie vir die voorsiening van multiprogramsentrums:** Die ontwikkeling en bestuur van 'n strategie om 'n gepaste verspreiding van behoorlik befondsde, gekoördineerde en bestuurde KJSS'e in die provinsie te verseker wat die verlangde reeks residensiëlesorgprogramme voorsien, soos beoog in artikel 192 van die Kinderwet (Wet 38 van 2005).
- **Departement van Maatskaplike Ontwikkeling se Jeugstrategie (2013):** Om die departement se jeugontwikkelingsprogramme en -prioriteite te begelei, te informeer en te rig en om 'n groot mate van institusionele en programmatiese voorspelbaarheid te bewerkstellig. Dit dien as 'n kritieke beplanningsinstrument wat daarop afgestem is om werk te maak van jongmense in die Provincie van die Wes-Kaap se behoeftes.
- **Wes-Kaapse Jeugontwikkelingsstrategie (2013):** "Die doel van die (provinciale) jeugontwikkelingsstrategie (is) om meer ondersteuning, geleenthede en dienste vir alle jongmense te skep sodat hulle beter met hul omgewing omgaan en suksesvol oorgaan tot verantwoordelike, onafhanklike en stabiele volwassenes. Dit fokus op jongmense in die voor-jeugfase tussen 10 en 14 jaar en die 'jeug'-fase tussen 15 en 24."¹
- **Geïntegreerde Provinciale Strategie vir Vroeëkinderontwikkeling (2012):** Die strategie maak toegang tot die lewering van gehalte-VKO (met inbegrip van graad R) moontlik wat soveel kinders as moontlik in staat sal stel om die nodige veerkrachtigheid, vertroue, vaardighede en bevoegdhede te bekom sodat hulle vanaf graad 1 – 12 goedtoegeruste leerders kan wees.
- **Nasionale Beleid oor die Voorsiening van Maatskaplikeontwikkelingsdienste aan Mense met Gestremdhede (2013):** Die hoofdoel is om die lewering van vooropgestelde maatskaplikeontwikkelingsdienste aan mense met gestremdhede te begelei en te koördineer. Dit het ten doel om te verseker dat die waardigheid en regte van alle mense met gestremdhede behoue bly en aan voldoen word deur die lewering van tersaaklike sosio-ekonomiese programme en dienste waardeur hul insluiting verseker sal word.
- **Wes-Kaapse Departement van Maatskaplike Ontwikkeling se standaardbedryfsprosedure vir die verwydering van straatkinders na 'n plek van veiligheid en daaropvolgende prosesse (2015):** Die standaardbedryfsprosedure (SBP) is ontwikkel as 'n stap-vir-stap-gids oor hoe om te werk te gaan wanneer 'n kind met 'n behoefte aan sorg en beskerming na 'n plek van veiligheid verwyder word. Dit sit die rolle en verantwoordelikhede uiteen van die departement se personeellede en ander belanghebbendes in die OSW- en polisiëringsektore. Die SBP verskaf besonderhede oor die tydsraamwerke waarby gehou moet word, verskaf omskrywings van straatkinders, bepaal op wie die prosedure van toepassing is, lig toepaslike wetgewing toe, en bevat kontaknommers van die tersaaklike rolspelers.
- **Wes-Kaapse Provinciale Ruimtelikeontwikkelingsraamwerk, 2014 (PROR):** Die raamwerk dien as basis om "op-die-grond"-lewering van nasionale en provinciale programme te

¹Uittreksel uit die Premier, Helen Zille, se voorwoord tot die Wes-Kaapse Jeugontwikkelingsstrategie, 2013. [vertaal]

koördineer, te integreer en in ooreenstemming te bring; ondersteun munisipaliteite om hul munisipale beplanningsmandaat na te kom in ooreenstemming met die nasionale en provinsiale agendas; en ondersteun en kommunikeer die regering se voornemens met ruimtelike ontwikkeling aan die private sektor en burgerlike samelewings.

- **Wes-Kaapse Departement van Maatskaplike Ontwikkeling se strategie vir die verbetering van kindersorg-en-beskermingsdienste (2015):** Hierdie strategie is ontwikkel om die risiko's verwant aan die implementering van die statutêre vereistes, norme en standarde van die Kinderwet te versag. Die strategie identifiseer die kernoorsake van die probleem en die intervensies om hierdie kwessies te hanteer.

4.5 Tersaaklike hofuitsprake

Wes-Kaapse Forum vir Verstandelike Gestremdheid: Hofbevel (saaknommer: 18678/2007)

Uitspraak wat op 11 November 2010 gelewer is, het die WKR opdrag gegee om redelike maatreëls te tref vir die opvoedkundige behoeftes van erge of uitgesproke gestremde kinders. Ter nakoming van hierdie hofbevel maak die departement voorsiening vir die salarisste van projekimplementeerders en die versorgers van verstandelikgestremde kinders by 44 versorgingsentrums en befonds die veilige vervoer van hierdie kinders van en na die sentrums.

4.6 Beplande beleidsinisiatiwe

- **Konsepraamwerk vir belanghebberbestuur** vir die departement wat sy interaksie met belanghebbers in die lewering van maatskaplikewelsyn- en gemeenskapontwikkelingsdienste sal begelei.

5 Omstandigheidsontleding

5.1 Prestasie-omgewing

Kindersorg-en-beskermingsdienste tel onder die departement se vernaamste statutêre/wetgewende mandate. Volgens Sensus 2011 het die Wes-Kaap ongeveer 570 000 kinders tussen die ouderdomme 0 en 4 jaar, en alhoewel hierdie getal na verwagting nie veel oor die volgende vyf jaar gaan toeneem nie, sal VKO-intervensies toenemend fokus op kwessies rondom veiligheid, kognitiewe ontwikkeling en voeding. Onlangse navorsing² wys dat VKO-dienste van gehalte 'n groot impak op skoolresultate het. Die fokus van die VKO-program moet dus verskuif vanaf die opneem van kinders na die verbetering van die gehalte van VKO-programme in die provinsie. Dit word tans deur die departement onderneem deur sy leierskap van die dwarsliggende provinsiale strategiese prioriteit om 'n spesiale VKO-program daar te stel wat die aanleer van Engels as taal en die ontwikkeling van kognitiewe vaardighede sal verbeter by 100 persele waar skolgereedheid in geletterdheid en gesyferdheid swak is. Die intervensie het ten doel om die kinders in staat te stel om skool beter te bemeester. Die departement dra by tot die provinsiale naskoolse "game-changer" pilare deur sy befondsde naskoolse gedeeltelikesorgfasiliteite en streef by wyse van samewerking daarna om die gehalte van programme te verbeter, 'n veilige en bemagtigende omgewing te skep en hulpbronne te ontsluit.

Volgens Sensus 2011 is daar 'n totaal van 1 739 425 kinders tussen die ouderdomme 0 en 17 jaar in die Wes-Kaap. Navorsing duï op 'n hoë voorkoms van kindermishandeling, en dit is duidelik dat strategieë om kinders te beskerm, geïntensiever moet word. Sorg- en beskermingsdienste vir kinders is die departement se vernaamste fokus, en oor die volgende vyf jaar gaan die departement se enkel grootste doelwit wees om hierdie dienste, soos vereis deur die Kinderwet, op standaard te bring en om hulle, as 'n bydrae tot die verwesenliking van PSD 2 en 3, met ander provinsiale departemente, munisipaliteite, OSW's en privaatsektorvennote te koördineer. Met hierdie doel voor oë het die departement tesame met die WKOD verwysingsweë ontwikkel wat doeltreffende toegang tot dienste verseker vir kinders met gestremdhede en uitdagende gedrag sowel as 'n protokol wat dit moontlik maak om kinders met 'n behoefte aan sorg en beskerming van die straat te verwyder en in 'n plek van veiligheid te plaas onderwyl die Kinderhof sy ondersoek afhandel en 'n gepaste hofbevel uitgereik word. Laastens is die implementering van die departement se strategie om 'n verbetering in kindersorg-en-beskermingsdienste in die Wes-Kaap te verseker daarop gemik om 'n bemagtigende omgewing daar te stel waarbinne maatskaplike werkers in staat is om hul statutêre funksies te verrig.

In Sensus 2011 is daar gerapporteer dat nagenoeg 1 041 553 persone in die Wes-Kaap met verskeie vorms van gestremdhed saamleef, uitgesonder diegene wat selfversorgend is³. Daar is 190 929 mense wat gerapporteer het dat hulle nie in staat is om vir hulself te sorg nie. Die departement sal oor die volgende drie jaar aanhou om die regte, welstand en sosio-ekonomiese ontwikkeling van mense met gestremdhede en hul gesinne of versorgers te bevorder sowel as om agterstande in hierdie verband reg te stel. 'n Addisionele toewysing van R37 miljoen is vir die eerste keer in 2015/16 beskikbaar gestel en sal vir die duur van die MTUR volgehou en verhoog word om steun vir die gestremdhedisektor verder te versterk. Hierby ingesluit is die implementering van die hofbevel (gedateer 11 November 2011) ten opsigte van kinders met erge en uitgesproke verstandelike gestremdhede. Voorts is 'n

² Wes-Kaapse Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (2014). Early Childhood Development Retrospective Tracker, Exploring the impact of Grade R attendance on later primary school performance in the Western Cape, March 2014. Interne navorsingsverslag opgestel deur Johnnie Tolken. The Impact of the Introduction of Grade R on Learning Outcomes, Servaas van der Berg, University of Stellenbosch (USB) 2014.

³ Hierdie getal is minder as die somtotaal van alle tipes gestremdhede wat vermeld is omdat sommige mense veelvoudige gestremdhede het en by meer as een kategorie ingesluit is.

gestremdhedskantoor wat ten doel het om maatreëls ten opsigte van werknemers van die Wes-Kaapse Regering se redelike akkommodasie en toegang te verbeter, daargestel en operasioneel; 'n residensiëlesorgfasilititeit wat 30 mense met verstandelike gestremdhede en uitdagende gedrag kan akkommodeer, is in Maitland gevestig; en 'n residensiëlesorgfasilititeit vir kinders en volwassenes met veelvoudige gestremdhede is met ingang 1 April 2016 vanaf die departement van gesondheid na hierdie departement oorgedra.

Die Wes-Kaap is die tuiste van 2,2 miljoen jongmense tussen die ouderdom 15 en 34 jaar.⁴ Aan die hand van data komende van Sensus 2011 word bereken dat 13% van hierdie jongmense (ongeveer 277 160) as NEETS geklassifiseer kan word. NEETS is jongmense wat nie werk het nie en ook nie onderwys of opleiding deurloop het nie⁵. Meer as 60% van die werklooses het minder as 'n matriekstandaard van onderwys. Sleutelbevindings uit die navorsing rakende NEETS⁶ in die provinsie het die negatiewe impak van geweldsmisdaad, middelmisbruik en straatboewery op die sosialisering van jongmense uitgewys. Die departement se vernaamste prioriteit oor die volgende drie jaar is om te verseker dat alle departementelege jeuggefokusde programme met die langtermyn-uitkomste van die provinsiale jeugontwikkelingstrategie (PJOS) ooreenstem en dat daar 'n strategiese fokus op NEETS is. Voorts sal die departement, tesame met die jeugsektor, daarna streef om OSW's se jeuggeteikende programme in ooreenstemming met PJOS-uitkomste te bring. Insgelyks sal die departement, in samewerking met die departement van die premier (DvdP), dwarsliggende ooreenstemming tussen en implementering van jeuggeteikende programme oor alle provinsiale departemente heen verseker.

Die provinsiale jeugontwikkelingstrategie is geïmplementeer en vier Jeugkafees word bedryf wat ontwerp is om energieke, positiewe ruimtes te skep waar jongmense die geleenthed gebied word om toegang te verkry tot vaardigheidontwikkelingsprogramme, opleidingswerksessies, seminare en entrepreneuriese geleenthede. Verdere geleenthede sal ook deur die UOWP verskaf word. Verbeterde prestasie deur die program het tot 'n negevoudige toename in die voorwaardelike toekenning aanleiding gegee – vanaf R1,8 miljoen tot R9,9 miljoen. Gemiddeld sal dit in die loop van die huidige boekjaar 1 425 werksgeleenthede verskaf.

Die ouerwordende Wes-Kaapse bevolking word weerspieël in die 48% toename in die kategorie persone 60 jaar of ouer tussen die 2001- en die 2011-sensus – die Wes-Kaapse bevolking het oor dieselfde tydperk met 29% toegeneem. Onlangse bevolkingsprojeksies duif daarop dat die populasie van mense ouer as 60 jaar tussen 2011 en 2020 met 'n verdere 35% gaan toeneem. In reaksie op bewyse dat die populasie van ouer mense in die provinsie aan die toeneem is sowel as die afkondiging van die Wet op Ouer Mense, het die departement intervensies vir ouer mense geïmplementeer met inbegrip van onafhanklike en bygestaande verblyffasilitete, uitreike via die dienssentrums en fasilitete om residensiële sorg te ondersteun.

Die voorkoms van maatskaplike misdaad in die Wes-Kaap is steeds 'n bron tot kommer weens die skadelike effek wat dit op die provinsie se maatskaplike en ekonomiese welstand het. Die beduidendste toename in gerapporteerde misdaad in die provinsie het voorgekom in die kategorie dwelmverwante misdaad, met 'n toename van 156,3% in die tydperk vanaf 2005 tot 2015. Departementelege navorsing oor gerapporteerde gevalle van huishoudelike geweld duif op 'n toename van 18% tussen 2007 en 2010. Die departement sal daarop bly fokus om

⁴ Sensus 2011

⁵ NEETS verwys na jeugdiges wat ouer as 15 is, skool verlaat het voordat matriek voltooi is, werkloos is en nie 'n vaardigheid/opleiding het nie.

⁶ Sauls, Heidi (2014). A Situational Analysis of Youth in the Western Cape. Interne navorsingsverslag vir die Wes-Kaapse Departement van Maatskaplike Ontwikkeling. Finale konsep.

ondersteuning aan slagoffers te bied; skuilings vir hawelose volwassenes en veral vroue en kinders te skep, met spesiale akkommodasie vir diegene wat die slagoffers van mensehandel is; en om proefdienste en afwentelingsdienste op te skerp. In reaksie op die toenemende uitdaging van dwelmmisbruik onder die jeug, is dwelmbehandelingsdienste by alle departementele beveiligde kinder-en-jeugsorgsentrums ingevoer en hierdie programme sal oor die volgende vyf jaar voortgesit word, tesame met die skoolgebaseerde dwelmbehandelingsprogramme wat tans by tien hoë-risiko-skole ontplooï word. Voorts word die departement op die "Alcohol Harms Reduction Game Changer" verteenwoordig en is, sodoende, in staat om sy intervensies gepas aan te pas.

Volgens Sensus 2011 is daar 1 634 000 huishoudings in die Wes-Kaap met 'n gemiddelde huishoudelike tal van 3,56 lede. Baie van hierdie gesinne en huishoudings word voor aansienlike sosio-ekonomiese uitdagings gestel om in die behoeftes van hul lede te voorsien. Risikofaktore soos werkloosheid, misdaad en middelmisbruik bedreig die welstand van gesinne in die provinsie. Gevolglik fokus die program "sorg en ondersteuning" van gesinne daarop om veerkrachtige gesinne te ontwikkel deur dienste te verskaf wat op die behoud en versterking van gesinsbande afgestem is.

Voorts, om te verseker dat hy sy dienste gepas teiken, maak die departement van geografiese inligtingstelseltegnologie gebruik om sy kliëntpopulasie (en, aan die hand van geprojekteerde data, toekomstige kliëntpopulasie) te karteer, gemeet teen huidige dienslewering en die sosio-ekonomiese indeks. Laasgenoemde is aanduidend van die teikenpopulasie met die grootste behoefte, onderwyd inligting oor huidige dienslewering aandui of departementele hulpbronne gepas binne die teiken se opvangsgebied ontplooï word. Ruimtelike doelwitstellings word toenemend belangrik in 'n ekonomiese klimaat wat gekenmerk word deur begrotingsdruk in soverre die lewering van statutêre dienste aanberef. Hierdie inligting maak deel uit van die beplanningsproses wat saam met plaaslike owerhede onderneem word.

5.2 Organisatoriese omgewing

Die departement se vermoë om sy statutêre mandaat tot uitvoer te bring, word steeds belemmer deur uitdagings verwant aan 'n toenemend nypende finansiële omgewing, 'n toename in die provinsie se populasie, die uitdagings wat uit maatskaplike euwels voortspruit en 'n steeds stygende vraag na dienste. Juis om hierdie rede is dit aller noodsaaklik om 'n doeltreffende departement op te bou. Sleutelelemente in die nastrewing van hierdie oogmerk is verbeterings aan die departement se organisatoriese struktuur, die invoer van streng kostebesparingsmaatreëls, die invoer van doeltreffende departementele bestuursbeheerstelsels en sakeprosesse en die daarstelling van strategieë wat die departement se dienslewering sal verbeter, met die uitsluitlike doel om die departement se vernaamste statutêre verpligte na te kom.

Organisatoriese struktuur

Die departementele mikrostruktuur wat in 2014 goedgekeur is, het die skep van die direktorate vroeëkinderontwikkeling (VKO) en gedeeltelike sorg ingesluit, onderwyd addisionele kapasiteit onderskeidelik toegewys is aan die hoofdirektoraat maatskaplike welsyn en die hoofdirektoraat gemeenskap- en vennootskapontwikkeling met die oog daarop om OSW's se diensprestasie te moniteer sowel as hul nakoming van statutêre norme en standarde wat vir hierdie sektore neergelê is. Teen Maart 2015 is 'n passing en plasing vir bestaande personeel ooreenkomsdig die nuwe mikrostruktuur afgehandel, en in die loop van die 2015/16-boekjaar is 'n werwingsproses vir die oorblywende vakatures van stapel gestuur. Die direktoraat fasiliteitebestuur en gehalteemonitering is versterk deurdat dit nou ook oor 'n gehalteversekeringsstak beskik wat verseker dat alle departementeelbestuurde en departementeelbefondsde KJSS'e en Plekke van Veiligheid voldoen aan die norme en standarde wat in die Kinderwet en die Wet op Kindergeregtigheid voorgeskryf word. Dit het

ten doel om die veiligheid en welstand van hierdie, dikwels die kwesbaarste, kinders in die provinsie te verseker.

Die 2015-departementele strategie vir die verbetering van kindersorg-en-beskermingsdienste in die Wes-Kaap sal in die loop van die komende boekjaar geïmplementeer word. Beoogde intervensies sluit in 'n evaluering en hersiening van streek- en plaaslike kantore se organisatoriese struktuur met die oog daarop om reëlings rondom personeelvoorsiening te optimaliseer, insluitend daardie dienste wat op die voorste linie en ter ondersteuning van die streeksbestuur/administrasie gelewer word. Gelyklopend hiermee sal streekskantore se prosesse geëvalueer word om te bepaal hoe hulle verder geoptimeer kan word. Die departement werk saam met die provinsie se organisatoriese herontwerp- en interne auditspanne aan hierdie inisiatiewe. Sodra aanbevelings aan die lig kom, sal die departement veranderings aan die organogram bewerkstellig en sal geprioritiseerde poste gevul word tot só 'n mate dat dit die impak op 'n besnoeiing aan die begroting vir die duur van die MTUR sal minimaliseer. 'n Soortgelyke proses word tans gevolg ten opsigte van die hoofdirektoraat: sakebeplanning en -strategie. Die doel is om te evalueer of huidige funksionering die bestaande en toekomstige vraag na diens die hoof bied en om mensehulpbronne dienooreenkomsdig te herskik. Insgelyks, onderworpe aan die aanbevelings wat uit hierdie proses voortspruit, sal die organogram gewysig en geprioritiseerde poste gevul word.

Sakeprosesse

Die departement werk steeds daaraan om sy prosesse verwant aan die rapportering van prestasie-inligting te verfyn. Opleiding in die implementering van die gestandaardiseerde bedryfsprosedure (SBP) word voortgesit, en dit is duidelik dat dit 'n impak het soos uit die skoon audit wat vir die 2014/15-boekjaar behaal is, blyk – die tweede in 'n ry. 'n Bykomende komponent wat in die laaste kwartaal van 2015/16 getoets is, is nakoming op die vlak van brondokumente. Na afloop en evaluering van hierdie toetslopie se resultate sal die lesse wat hieruit geleer word by bovemelde SBP ingesluit word.

'n SBP sal geformaliseer word as deel van die nasionale en provinsiale tesourie en die DPME se gestandaardiseerde stelsel vir die bestuur van die beplanning-, begroting- en verslagdoeningssiklus. Hierdie SBP lê die proses neer vir die ontwikkeling van die JPP met sy gepaardgaande begroting, streek- en programbedryfsplanne en die jaarverslag (JV) – almal vername dokumente in die oorsigproses. Dit sal tydsraamwerke vir aflewering insluit sowel as die vaste rolle en verantwoordelikhede van sleutelbelanghebbers in die proses. Die beplanning-, begroting- en verslagdoeningsdokumente wat binne die jaarlikse siklus geproduseer word, het ten doel om aanspreeklikheid en deursigtigheid te bevorder en om duidelike rigting te verleen vir dit wat die departement beplan om in die komende boekjaar te behaal sowel as vir verslagdoeningsvordering met die oog op daardie doelwitte by wyse van kwartaallikse verslae wat op die JV uitloop. Op die lange duur sal dit bydra tot die departement se strategiese doelstelling van "verbeterde bestuursbeheer" deur die gehalte van beplanning en verslagdoeningsdokumente te verbeter.

Intervensies binne die departement se strategie vir die verbetering van kindersorg-en-beskermingsdienste in die Wes-Kaap sluit in SBP's vir prosesse en procedures ten opsigte van die implementering van statutêre dienste waar nakoming swak is. Die generiese norme en standaardbedryfsprocedures wat deur die departement vir eiedienste ontwikkel word, sal aangepas word vir befondsde OSW's wat kindersorg-en-beskermingsdienste verskaf, en sluit die kontrakvoorraadtes vir hul oordragbetalingsooreenkoms (OBO) in as 'n aanhangsel tot die OBO. Dit sal gepaardgaan met oorlegpleging met die OSW's om nakoming van PAJA te verseker.

In reaksie op die OSW's se behoefté aan 'n gedifferensieerde benadering tot verkryging, het die departement strategiese verkryging 'n samewerkende en gestruktureerde proses ingevoer om die departement se besteding krities te analiseer en die inligting te gebruik om

sakebesluite te neem oor hoe om kommoditeite en dienste meer doeltreffend te bekom. Ten einde voorsiening te maak vir voorsieningskanaalbestuur (VKB), monitering en nakoming en vraagbestuur, het die departement sy VKB-struktuur hersien. Dit sal 'n doeltreffende en goedtoegeruste VKB-stelsel verseker. Dit sal ook verseker dat beknopte riglyne vir implementering beskikbaar is en oral in die organisasie bekendgemaak word.

Die departement sal steeds diensskedules implementeer as 'n meganisme om die diensvlakooréenkoms (DVO) te operasionaliseer wat dit met die DvdP se Sentrum vir Korporatiewe Dienste (SKD) aangegaan het. Dit sal ook voortgaan met die implementering en verfyning van SBP's vir sy eie diensskedules wat te make het met die hantering van dissiplinêre procedures, verlofbestuur en personeelwerving en -keuring.

MENSEHULPBRONBESTUUR

Indiensneming en vakatures

Die meerderheid van die vakatures in die nuwe HFB-struktuur is gevul, en werwing vir poste wat na die passing en plasing van personeel ooreenkomsdig die nuwe mikrostruktuur vir die hoofdirektorate: maatskaplike welsyn en gemeenskap- en vennootskapontwikkeling steeds vakant is, sal in die huidige boekjaar afgehandel word.

Tabel 1: Indiensneming en vakatures per program

Indiensneming en vakatures per program soos op 31 Januarie 2016				
Program	Befonds	Getal poste gevul	Vakaturekoers	Getal poste gevul bykomend tot die diensstaat
Program 1: Administrasie	454	357	21%	15
Program 2: Maatskaplike-welsynsdienste	1 045	980	6%	125
Program 3: Kinders en Gesinne	74	53	28%	0
Program 4: Herstellende Dienste	641	520	19%	41
Program 5: Ontwikkeling en Navorsing	46	25	46%	0
Groottotaal	2 260	1 935	14%	181

Tabel 2: Indiensneming en vakatures per salarisband

Indiensneming en vakatures per salarisband, soos op 31 Januarie 2016				
Salarisbande	Befonds	Getal poste gevul	Vakaturekoers	Getal poste gevul bykomend tot die diensstaat

Laergeskoold (Vlakke 1-2)	34	12	77%	8
Geskoold (Vlakke 3-5)	784	689	15%	36
Hoogsgeskoold produksie (Vlakke 6-8)	1 059	870	8%	128
Hoogsgeskoold toesighouding (Vlakke 9-12)	358	342	7%	8
Senior bestuur (Vlakke 13-14)	25	22	12%	1
Groottotaal	2 260	1935	14%	181

Maatskaplike werkgraduandi wat hulle beursverpligtinge terugwerk, maak die meerderheid uit van die poste wat bykomend tot die diensstaat gevul is. Die restant is grootliks te danke aan vorige herstruktureringssprosesse wat daar toe gelei het dat nienoodsaaklike dienste soos skoonmaak- en sekuriteitsdienste uitbestee word.

Personeleopleiding

Die departement het heelwat in die opleiding van sy personeel belê en het die wetgewende vereiste (1%) oorskry. Weens die groot aantal opleidingsbehoeftes wat geïdentifiseer is, het die departement aansoek gedoen om en toegang verkry tot fondse komende van die owerheid wat met vaardigheidsonderrig en opleiding op die terrein van gesondheid en welsyn (HWSETA) belas is wat dit vir 200 kinder-en-jeugsorgwers moontlik sal maak om hul kwalifikasies via geakkrediteerde leerderskappe teen die einde van die 2016/17-boekjaar te finaliseer.

Beurse is aan gespesialiseerde terreine soos proefdienste, verslawingsdienste en gesinstudies toegewys waar 'n tekort, beide intern en ekstern, aan vaardighede bestaan. Hierdie is bykomend tot die opleiding van maatskaplike werkers in trauma-nabetragting, maatskaplike werksupervisie, mentorskappe en berading en, allerbelangrik, in die wetgewing wat op hulle spesifieke terreine van maatskaplike werkpraktyk van toepassing is. Die belang van opleidingsgeleenthede moet nooit onderskat word nie aangesien kapasiteitsbou-intervensies help om vaardighede op te skerp wat, as 'n uitvloeisel, 'n verbetering in die gehalte van dienslewering tot gevolg het.

Medewerking en vennootskappe

Ten einde geïntegreerde en toeganklike dienslewering te verseker, werk die departement saam met en gaan intersektorale en interregeringsvennootskappe, memoranda van verstandhouding (MvV) en DVO's aan met ander staatsdepartemente, munisipaliteite en privaatektorvennote. Sien Bylae F asseblief vir meer besonderhede.


Tegnologiese omgewing

Die strategiese IKT-plan 2015-20 word op 'n jaarlikse grondslag hersien en die prioriteit vir die MTUR is steeds die ontwikkeling van 'n gevallebestuurstelsel (vir eiedienste) en 'n departementele OSW-bestuurstelsel vir uitbestede dienste. In die geval van laasgenoemde, het die departement befondsing ter waarde van R1,1 miljoen komende van die departement van staatsdiens en administrasie vasgemaak wat in die 2015/16- en 2016/17-boekjaar toegewys sal word om 'n gesentraliseerde stelsel vir die bestuur van DMO-befondsde en onbefondsde OSW's binne die provinsie moontlik te maak. Om die verhouding tussen nagenoeg 2 200 befondsde OSW's, onbefondsde OSW's en die departement te bestuur, is 'n ingewikkelde proses en 'n elektroniese stelsel sal nie net tot beter bestuur bydra nie maar sal ook beter en verbeterde dienslewering in die provinsie verseker. Die departement verskaf ook steeds stelseladministrasie-ondersteuning ten opsigte van nasionale IKT-stelsels soos VEPOPAR (slagofferbemagtigingsprogram en register van mishandelde ouer

persone), PCM (bestuurstelsel vir voorwaardelike gevrylatingsgevalle) en CYCA (kinder-en-jeugsorgtoepassings).

Die departement is ook besig om sy IKT-ramphewinningsplan te hoorweeg en sal voortgaan om stelsels te toets ten einde sakekontinuïteit te verseker indien dit nodig sou wees. Ten einde sommige van die impakte te versag weens die provinsiale begrotingsbesnoeiings wat in die loop van die MTUR in die vooruitsig gestel word, is die departement in die finale stadia om goedkeuring vir sy IKT-bestuursbeheer- en toerustingtoewysingsbeleid te verkry. Hierdie beleid sal vanaf 1 April 2016 geïmplementeer word. Dit het ook sy IKT-hernuwingsplan hersien deur die tydperk waarbinne persoonlike rekenaars en drukkers vervang mag word vanaf vier na vyf jaar te verleng. Die verlenging van die bruikbare lewe van bates is 'n belangrike meganisme om in doeltreffendheid oor die mediumtermyn te wen. Ten laaste word 'n verdere toename in doeltreffendheid oor die MTUR in die vooruitsig gestel weens die departement se migrasie na VOIP, deelname aan die provinsiale breëbandontplooiing en die verfyning van IKT-werkvloeい vir sy motorvloot en IKT-verkryging.

5.3 Organisatoriese Struktuur



5.4 Beskrywing van die strategiese beplanningsproses

Die strategiese beplanningsverslae is geïnformeerd deur 'n ontleding van die nasionale uitkomste en prioriteite vervat in die NOP, MTSR-uitkomste, provinsiale prioriteite en die PSD's en is aan die hand van die volgende proses ontwikkel:

- 'n Strategiese oorsigdokument waarin die nasionale en provinsiale wetgewing en beleid uiteengesit word, 'n ontleding van die omstandighedsomgewing en 'n strategiese oorsig van die tydperk wat deur die laaste strategiese plan gedek is, is ter voorbereiding vir die nuwe plan opgestel.
- Beplanningwerksessies is met alle hoofdirektorate gehou ten opsigte van:
 - Ooreenstemming ten opsigte van strategiese mandate,
 - Konteksanalise,
 - Begrotingsontleding,
 - Prestasie en begrotinghersieningstendense oor die afgelope drie jaar,
 - Prestasie oor die laaste kwartaal,
 - JPP-insette (teikens; beskrywing van aanwysers).

Voorbereidingswerk is vooraf gedoen en die planne is bespreek gegronde op die huidige prioriteite, vorige prestasie en vereistes vir toekomstige dienslewering, en teikens is dienooreenkomsdig aangepas.

- Interne herprioritiseringssprosesse is onderneem en meegaande verskuiwings het plaasgevind om die impak van die verlaging in die departement se basislyn te absorbeer.
- 'n Departementele beplanningswerksessie is gehou met lede van die uitvoerende en senior bestuursdienste om die hersiene beplande teikens vir OSW's, faciliteitie en streke/diensleweringareas in oënskou te neem en het op strategiese besluitende rakende toekomstige beplanning gefokus.
- Die departementshoof het die besluit geneem om die sektor- en provinsiale aanwysers te behou wat in die JPP 2013/14 vervat is. Hierdie besluit is deur die volgende geïnformeerd:
 - 'n Departementele onderneming aan die OSW-sektor dat die prestasie-aanwysers nie vir die MTUR sal verander nie omdat 'n verandering aan die aanwysers daarop neer sou kom dat die departement meer as 2 200 kontrakte moet aanpas. Dit sou ook vereis dat ondersteunende dokumentasie wat vir ouditdoeleindes benodig word, opnuut gedefinieer moet word.
 - Die departement het ook soortgelyke ondernemings aangegaan met die provinsiale parlementêre portefeuiljekomitee oor gemeenskapsontwikkeling en met die Staande Komitee oor Openbare Rekeninge (SKOOR), omdat hierdie liggame hul kommer uitgespreek het oor die konstante verandering van aanwysers, wat dit onmoontlik maak om basislyne daar te stel en tred te hou met die departement se vordering oor meer as een boekjaar en omdat dit 'n administratiewe las vir OSW's veroorsaak.
 - Elke keer wanneer aanwysers verander word, moet nuwe basislyne en teikens ontwikkel word. Dit kompromitteer die MTUK-proses.
 - Die departement sal die nuwe sektoraanwysers by sy JPP en kwartaallikse prestasieverslae (KPV) insluit, maar sal nie in staat wees om teikens te stel of daarteen verslag te doen nie.

5.5 Bewerkstelliging van ooreenstemming tussen die departementele mandate en die tersaaklike hoofstukke van die nasionale ontwikkelingsplan (NOP), uitkomste van die mediumtermyn-strategiese raamwerk (MTSR), EenKaap2040 en provinsiale strategiese doelstellings (PSD)

NOP 2030-uitkomste	MTSR 2019-uitkomste	EenKaap2040	Provinsiale strategiese doelstelling	Departementele strategiese uitkomsgeoriënteerde doelstellings	Begrotingsprogramstruktuur
Om 'n bekwame en ontwikkelingsgerigte staat te bou Om korruksie te beveg	In Doeltreffende, doelmatige en ontwikkelingsgeoriënteerde staatsdiens	Toonaangewende Kaap: Om wêreldklas, diensgeoriënteerde aflewering te lei	Om goeie staatsbestuur en geïntegreerde dienslewering deur vennootskappe en die bewerkstelliging van ruimtelike ooreenstemming vas te lê	Verbeter korporatiewe bestuursbeheer	Program 1: Administrasie Doel: Verskaf strategiese bestuur- en ondersteuningsdienste op alle vlakke van die departement – hoofkantoor, streekkantoor, plaaslike kantoor en faciliteit
Maatskaplike beskerming Gesondheidsorg vir almal Om veiliger gemeenskappe te bou Nasiebou en maatskaplike kohesie	In Inkusieve en responsieve maatskaplike-beskermingstelsel In Lang en gesonde lewe vir alle Suid-Afrikaners Alle mense in Suid-Afrika is en voel veilig Om die samelewing te transformeer en die land te verenig	Onderlingverbinde Kaap: Erken en span die potensiaal van vennootskappe in Onderneemende Kaap: Kataliseer werk deur indiensneming-programme in die openbare sektor en faciliteer die skep van maatskaplike ondernemings Bewoонde Kaap: Verskuif vanaf 'n fokus op behuising na een op	Verhoog welstand en maak werk van maatskaplike eeuwels	Versterk arm en kwesbare mense se maatskaplike funksionering deur maatskaplikewelsynsdienste	Program 2: Maatskaplikewelsynsdienste Doel: Verskaf geïntegreerde ontwikkelingsgerigte maatskaplikewelsynsdienste aan arm en kwesbare mense in vennootskap met belanghebbers en organisasies vanuit die burgerlike samelewing.

NOP 2030-uitkomste	MTSR 2019-uitkomste	EenKaap2040	Provinciale strategiese doelstelling	Departementele strategiese uitkomsgeoriënteerde doelstellings	Begrotingsprogramstruktuur
		dienste, gemeenskapsinfrastruktur en openbare vervoer			
Maatskaplike beskerming Gesondheidsorg vir almal Om veiliger gemeenskappe te bou Nasiebou en maatskaplike kohesie Om onderwys, opleiding en innovasie te verbeter	In Inklusiewe en responsiewe maatskaplike-beskermingstelsel In Lang en gesonde lewe vir alle Suid-Afrikaners Alle mense in Suid-Afrika is en voel veilig Om die samelewing te transformeer en die land te verenig Verbeterde gehalte van basiese onderwys	Onderlingverbinde Kaap: Erken en span die potensiaal van vennootskappe in Opgevoede Kaap: Bestuur 'n doeltreffende en doelmatige onderwysstelsel volgens standaarde wat wêreldwyd aanvaar word Fasiliteer 'n stelsel wat saam daaraan werk om vernuwing te bewerkstellig Bewoonde Kaap: Verskuif vanaf 'n fokus op behuising na een op dienste, gemeenskap-infrastruktur en openbare vervoer	Verhoog welstand en maak werk van maatskaplike euwels Verbeter onderwys-uitkomste en geleenthede vir jeug-ontwikkeling	Omvattende kinder-, gesinsorg- en ondersteuningsdienste om die regte van kinders te beskerm en maatskaplike welsyn te bevorder.	Program 3: Kinders en gesinne Doel: Om in vennootskap met belanghebbers en organisasies vanuit die burgerlike samelewing omvattende kinder- en gesinsorg- en -ondersteuningsdienste aan gemeenskappe te lewer.
Maatskaplike beskerming Gesondheidsorg vir almal Om veiliger gemeenskappe te bou	In Inklusiewe en responsiewe maatskaplike-beskermingstelsel In Lang en gesonde lewe vir alle Suid-Afrikaners	Onderlingverbinde Kaap: Erken en span die potensiaal van vennootskappe in. Bewoonde Kaap: Verskuif vanaf 'n fokus op	Verhoog welstand en maak werk van maatskaplike euwels	Maak werk van maatskaplike euwels deur omvattende programme vir die voorkoming en rehabilitering van misdaad en middelmisbruik aan te bied.	Program 4: Herstellende Dienste Doel: Verskaf geïntegreerde ontwikkelingsgerigte maatskaplikemisdaadvorkoming- en anti-middelmisbruukdienste aan die kwesbaarste mense in vennootskap met belanghebbers

NOP 2030-uitkomste	MTSR 2019-uitkomste	EenKaap2040	Provinciale strategiese doelstelling	Departementele strategiese uitkomsgeoriënteerde doelstellings	Begrotingsprogramstruktuur
Nasiebou en maatskaplike kohesie	Alle mense in Suid-Afrika is en voel veilig Om die samelewing te transformeer en die land te verenig	behuising na een op dienste, gemeenskap-infrastruktuur en openbare vervoer			en organisasies vanuit die burgerlike samelewing.
Om 'n bekwame en ontwikkelingsgerigte staat te bou Maatskaplike beskerming Nasiebou en maatskaplike kohesie Omgewing-volhoubaarheid en veerkrachtigheid Ekonomie en emplojering	n Doeltreffende, doelmatige en ontwikkelingsgeoriënteerde staatsdiens Menswaardige emplojering as gevolg van inklusiewe ekonomiese groei n Geskoonde en bevoegde werksmag wat die pad na inklusiewe groei baan Omvattende landelike ontwikkeling	Opgevoede Kaap: Bestuur n doeltreffende en doelmatige onderwysstelsel volgens standaarde wat wêreldwyd aanvaar word Fasiliteer 'n stelsel wat saam daaraan werk om vernuwing te bewerkstellig Ondernemende Kaap: Kataliseer werk deur indiensneming-programme in die openbare sektor en fasiliteer die skep van maatskaplike ondernemings Onderlingverbinde Kaap: Erken en span die potensiaal van vennootskappe in.	Skep geleenthede vir groei en werk Verbeter onderwys-uitkomste en geleenthede vir jeug-ontwikkeling	Skep geleenthede deur gemeenskap-ontwikkelingsdienste	Program 5: Ontwikkeling en Navorsing Doel: Voorsien volhoubare ontwikkelingsprogramme wat die bemagtiging van gemeenskappe fasiliteer, gegrond op empiriese navorsing en demografiese inligting.

6 Departementele strategiese uitkomsgeoriënteerde doelstellings

Strategiese uitkomsgeoriënteerde doelstelling 1	Verbeterde korporatiewe bestuursbeheer
	<p>Doelstellingverklaring: Die departement implementeer doeltreffende en doelmatige sakeprosesse, met inbegrip van navorsing, beplanning, kennis en prestasiebestuur, en verbeter sodoende sy prestasie in die maatskaplike sektor.</p> <p>Regverdiging: Om die integriteit van sakeprosesse aan die hand van deursigtige, inklusiewe besluitneming en gefokusde implementering gegrond op navorsing te verhoog, sowel as om monitering en verslagdoening in die hand te werk. Sakeprosesse, stelsels en die organisatoriese struktuur sal meer doeltreffend en doelmatig gemaak word ten einde die verbetering van dienslewering ter wille van almal in die provinsie op te skerp.</p> <p>Koppelings: Hierdie doelstelling sluit aan by PSD 5: "Om goeie staatsbestuur en geïntegreerde dienslewering deur vennootskappe en die bewerkstelliging van ruimtelike ooreenstemming vas te lê". Dit hou verder ook ten nouste verband met die NOP 2030-uitkomste – "Bou 'n bekwame en ontwikkelingsgerigte staat" en "Beveg korrumptie" en die MTSR 2019-uitkomste: "n Doeltreffende, doelmatige en ontwikkelingsgeoriënteerde staatsdiens."</p>
Strategiese uitkomsgeoriënteerde doelstelling 2	<p>Versterk arm en kwesbare mense se maatskaplike funksionering deur maatskaplikewelsynsdienste</p> <p>Doelstellingverklaring: Versterk maatskaplike funksionering van arm en kwesbare mense deur gepaste ontwikkelingsgerigte maatskaplikewelsynintervensies wat individue en gesinne versterk, in vennootskap met belanghebbers.</p> <p>Regverdiging: Hierdie program het ten doel om 'n kontinuum van ontwikkelingsgerigte maatskaplike dienste aan alle kwesbare individue en groepe te lewer met spesifieke verwysing na persone met gestremdhede, ouer persone en diegene wat buitengewone ontberings beleef.</p> <p>Koppelings: Hierdie doelstelling sluit aan by PSD 3: "Verhoog welstand en veiligheid en maak werk van maatskaplike euwels." Dit sluit ook aan by nasionale uitkomste 2: "n Lang en gesonde lewe vir alle Suid-Afrikaners"; nasionale uitkomste 11: "Skep 'n beter Suid-Afrika en dra by tot 'n beter en veiliger Afrika in 'n beter wêreld"; en nasionale uitkomste 13: "n Inklusieve en responsiewe maatskaplikebeskermingstsel".</p>
Strategiese uitkomsgeoriënteerde doelstelling 3	<p>Omvattende kinder-, gesinsorg- en ondersteuningsdienste om die regte van kinders te beskerm en maatskaplike welsyn te bevorder</p> <p>Doelstellingverklaring: Gepaste kinder- en gesinsorg en ondersteuningsdienste en intervensies wat kinders en gesinne beskerm, ondersteun en hul ontwikkeling faciliteer, in vennootskap met belanghebbers.</p> <p>Regverdiging: Hierdie program het ten doel om 'n kontinuum van ontwikkelingsgerigte maatskaplikewelsynsdienste aan alle kinders en gesinne te lewer ten einde die gesinstruktuur te behou.</p> <p>Koppelings: Hierdie doelstelling sluit aan by PSD 2: "Verbeter onderwysuitkomste en geleenthede vir jeugontwikkeling" en PSD 3: "Verhoog welstand en veiligheid en maak werk van maatskaplike euwels." Voorts vind dit aansluiting by nasionale uitkomste 2: "n Lang en gesonde lewe vir alle Suid-Afrikaners"; nasionale uitkomste 11: "Skep 'n beter Suid-Afrika en dra by tot 'n beter en veiliger Afrika in 'n beter wêreld"; en nasionale uitkomste 13: "n Inklusieve en responsiewe maatskaplikebeskermingsdiens".</p>
Strategiese uitkomsgeoriënteerde doelstelling 4	Maak werk van maatskaplike euwels deur omvattende programme vir die voorkoming van misdaad en die voorkoming en behandeling van middelmisbruik aan te bied

	<p>Doelstellingverklaring: Verminder maatskaplike euwels deur die voorsiening van maatskaplikemisdaadvorkoming-, proef- en middelmisbruikdienste wat risikofaktore verlaag en verantwoordelike, veerkrachtige en produktiewe lede van die samelewing ontwikkel.</p> <p>Regverdiging: Hierdie program het ten doel om 'n kontinuum van gespesialiseerde proefdienste te bied aan persone wat met die gereg bots en hul slagoffers ten einde hul weerstand teen risikofaktore verwant aan maatskaplike misdaad te verhoog.</p> <p>Koppelings: Hierdie doelstelling sluit aan by PSD 2: "Verbeter onderwysuitkomste en geleenthede vir jeugontwikkeling" en PSD 3: "Verhoog welstand en veiligheid en maak werk van maatskaplike euwels." Voorts vind dit aansluiting by nasionale uitkomste 2: "n Lang en gesonde lewe vir alle Suid-Afrikaners"; nasionale uitkomste 11: "Skep 'n beter Suid-Afrika en dra by tot 'n beter en veiliger Afrika in 'n beter wêreld"; en nasionale uitkomste 13: "n Inklusieve en responsiewe maatskaplikebeskermingsdiens".</p>
Strategiese uitkomsgoriënteerde doelstelling 5	<p>Skep geleenthede deur gemeenskapontwikkelingsdienste</p> <p>Doelstellingverklaring: Skep geleenthede vir individue en gemeenskappe om verhoogde maatskaplike en ekonomiese bemagtiging en veerkrachtigheid te ontwikkel gegrond op empiriese navorsing.</p> <p>Regverdiging: Hierdie program het ten doel om maatskaplike inklusie te bevorder en armoede te verlaag deur toegang tot volhoubare gemeenskapontwikkelingsprogramme te bied wat geleenthede vir almal skep om selfonderhoudend te word.</p> <p>Koppelings: Hierdie doelstelling sluit aan by PSD 2: "Verbeter onderwysuitkomste en geleenthede vir jeugontwikkeling"; PSD 3: "Verhoog welstand en veiligheid en maak werk van maatskaplike euwels" en PSD 5: "Om goeie staatsbestuur en geïntegreerde dienslewering deur vennootskappe en die bewerkstelliging van ruimtelike ooreenstemming vas te lê." Voorts vind hierdie doelstelling aansluiting by nasionale uitkomste 11: "Skep 'n beter Suid-Afrika en dra by tot 'n beter en veiliger Afrika in 'n beter wêreld."</p>

Let wel: Die aanwysers vir die strategiese doelstellings en die meegaande beskrywings van daardie aanwysers word weerspieël in Bylae B: Tabelle ter beskrywing van Tegniese Aanwysers.

7 Oorsig van 2016/17-begroting en MTUR-ramings

7.1 Beraamde uitgawes

Opsomming van betalings en ramings

Program R'000	Uitkomste			Begroting Hoofd- begroting	Begroting verwachting	Hervise raming	Mediumtermyn-raming			% verandering uit hervise raming
	Geouditeer	Geouditeer	Geouditeer				2016/17	2017/18	2018/19	
	2012/13	2013/14	2014/15	2015/16	2015/16	2015/16	2016/17	2017/18	2018/19	2015/16
1. Administrasie	177 418	176 797	189 043	174 375	177 036	177 036	185 806	198 610	213 596	4.95
2. Maatskaplikekewelsyns- dienste	498 903	579 986	634 864	733 382	725 632	725 632	778 385	822 829	864 078	7.27
3. Kinders en Gesinne	454 280	523 498	550 888	605 549	600 199	600 199	615 102	649 592	678 460	2.48
4. Herstellende Dienste	224 905	248 304	290 705	304 332	316 401	316 401	334 315	357 194	377 598	5.66
5. Ontwikkeling en Navorsing	46 721	51 558	68 342	80 347	79 661	79 661	47 830	40 595	43 763	(39.96)
Totale betalings en ramings	1 402 227	1 580	1 733	1 897	1 898	1 898	1 961	2 068	2 177	3.29

Opsomming van betalings en ramings per ekonomiese klassifikasie

Ekonomiese klassifikasie R'000	Uitkomste			Hoeft begeleid volgens Wet	Aanpassing Herviere raming	Mediumtermyn-raming				% verandering uit herviere raming
	Geouditeer	Geouditeer	Geouditeer			2015/16	2016/17	2017/18	2018/19	
	2012/13	2013/14	2014/15	2015/16	2015/16	2015/16	2016/17	2017/18	2018/19	2015/16
Lopende betalings	613 902	681 945	749 914	806 362	808 634	808 587	871 493	935 945	994 994	7.78
Vergoeding van werknelers	453 684	504 500	571 040	630 861	627 467	627 467	681 281	733 844	783 433	8.58
Goedere en dienste	160 218	177 445	178 874	175 501	181 167	181 120	190 212	202 101	211 561	5.02
Rente op en verhuring van grond										
Oordragte en subsidies aan	766 895	873 470	955 013	1 066 600	1 063 373	1 063 420	1 061 261	1 102 588	1 150 282	(0.20)
Provinsies en munisipaliteit										
Departementele agentskappe en rekeninge	24	23	31	37	37	37	37	39	40	
Instansies sonder winsbejag	764 378	869 594	946 775	1 059 406	1 054 431	1 054 347	1 053 447	1 094 589	1 141 673	(0.09)
Huishoudings	2 493	3 853	8 207	7 157	8 905	9 036	7 777	7 960	8 569	(13.93)
Betalings vir kapitaalbates	21 316	24 622	27 334	25 023	26 922	26 922	28 684	30 287	32 219	6.54
Geboue en ander vaste strukture			3 049							
Masjinerie en toerusting	21 316	24 622	24 285	25 023	26 922	26 922	28 684	30 287	32 219	6.54
Waarvan: "Gekapitaliseerde goedere en dienste" ingesluit is by Betalings vir kapitaalbates										
Betalings vir finansiële bates	114	106	1 581							
Totaal ekonomiese klassifikasie	1 402 227	1 580 143	1 733 842	1 897 985	1 898 929	1 898 929	1 961 438	2 068 820	2 177 495	3.29

Verband tussen bestedingstendense en strategiese uitkomsgesoriënteerde doelstellings

DMO het sy prioriteite in ooreenstemming gebring met die nasionale uitkomste en die PSD's deur fondse toe te wys aan dienslewering in prioriteitsareas soos kindersorg-en-beskerming, ouer persone, gestremdhede, middelmisbruik en jeugontwikkeling. Ons fokus is daarop om ons verhoogde statutêre verpligtinge na te kom wat voortspruit uit die afkondiging en implementering van, onder andere, die Wet op die Voorkoming en Behandeling van Middelmisbruik, Kinderwet, Wet op Kindergeregtigheid en Wet op Ouer Persone.

Begrotingsbesluite

- Voorsiening moet gemaak word om die Wetsontwerp op Lone te implementeer en vir die duur van die MTUR voort te sit;
- OSW-befondsing moet aangesuiwer word om begrotingstekorte te akkommodeer;
- Statutêre dienste moet geprioritiseer en niekernsakeprojekte en -aktiwiteite moet verskraal word;
- Die implementering van die hofbevel rakende kinders met uitgesproke intellektuele gestremdhede moet voortgesit word (met inbegrip van bedryfskoste vir Rosendal-fasiliteit vir 2017/18);
- Oordrag van 'n fasiliteit van die departement van gesondheid vir persone met gestremdhede (Sivuyile) moet by die MTUR-begroting in berekening gebring word;
- Die DMO WK se strategie vir verbetering van kindersorg-en-beskermingsdienste moet geïmplementeer word;
- Werwing vir prioriteitsposte moet die impak van begrotingsbesnoeiings op dienslewering en die afname in interns minimaliseer;
- Konsultasiegeldende moet verlaag word; en
- Strategiese verkrygingsfunksies moet gesentraliseer word en verkryging moet strategies geskied.
- Voorts is hernuwingstydperk vanaf vier na vyf jaar verleng (bruikbare leeftyd van bates); en
- Het doeltreffendheid weens die aanstelling van 'n nuwe diensverskaffer vir telekommunikasie toegeneem.

DEEL B: STRATEGIESE DOELWITTE EN PROGRAMMINLIGTING

DEEL B: STRATEGIESE DOELWITTE EN PROGRAMMINLIGTING

Hierdie deel van die JPP word gebruik om prestasieteikens vir die komende begrotingsjaar en vir die duur van die MTUR-tydperk te stel vir elk van die strategiese doelwitte wat in Deel B van die strategiese plan geïdentifiseer is. Prestasie-aanwysers wat die evaluering van die oorhoofse prestasie van elke program sal faciliteer, word ook ingesluit.

Die tabel hieronder verteenwoordig die begrotingprogramstruktuur.

Begrotingsprogramstruktuur 2016/17

PROGRAM	SUBPROGRAM
1. Administrasie	1.1. Kantoor van die LUR 1.2. Korporatiewe bestursdienste 1.3. Distrikbestuur
2. Maatskaplike welsynsdienste	2.1. Bestuur en ondersteuning 2.2. Dienste vir ouer persone 2.3. Dienste vir persone met gestremdhede 2.4. MIV en VIGS 2.5. Maatskaplike noodleniging
3. Kinders en Gesinne	3.1. Bestuur en ondersteuning 3.2. Sorg en dienste vir gesinne 3.3. Kindersorg-en-beskerming 3.4. VKO- en gedeeltelike sorg 3.5. Kinder-en-jeugsorgsentrum 3.6. Gemeenskapsgebaseerde versorgingsdienste vir kinders
4. Herstellende Dienste	4.1. Bestuur en ondersteuning 4.2. Misdaadvorkoming en ondersteuning 4.3. Slagofferbemagtiging 4.4. Middelmisbruik, voorkoming en rehabilitasie
5. Ontwikkeling en Navorsing	5.1. Bestuur en ondersteuning 5.2. Gemeenskapsmobilisering 5.3. Institusionele kapasiteitsbou en ondersteuning vir OSW's 5.4. Armoedeverligting en volhoubare bestaansmiddele 5.5. Gemeenskapsgebaseerde navorsing en beplanning 5.6. Jeugontwikkeling 5.7. Vroue-ontwikkeling 5.8. Bevordering van bevolkingsbeleid

8 Program 1: Administrasie

Doel van die program

Hierdie program omvat die strategiese bestuur- en ondersteuningsdienste op alle vlakke van die departement, d.w.s. provinsiale, streek-, distrik- en fasilitet/institusionelevlak.

Let wel: Die Sentrum vir Korporatiewe Dienste wat in die departement van die premier gesetel is, verskaf die volgende ondersteuningsdienste aan hierdie departement: Mensehulbronbestuur.

Die program bestaan uit die volgende subprogramme:

PROGRAMBESKRYWING

Subprogram 1.1 Kantoor van die LUR

Doel van subprogram

Verskaf 'n politieke en wetgewende koppelvlak tussen die regering, burgerlike samelewing en alle ander tersaaklike belanghebbendes.

Subprogram 1.2 Korporatiewe bestuursdienste

Doel van subprogram

Lê bepalings neer vir die strategiese begeleiding en die oorhoofse bestuur en administrasie van die departement.

Subprogram 1.3 Distrikbestuur

Doel van subprogram

Lê bepalings neer vir die desentralisering, bestuur en administrasie van dienste op distrikvlak binne die departement.

(Die opskrif *Distrikbestuur* word ooreenkomsdig die nasionale begrotingstruktuur voorgeskryf. Die Wes-Kaapse DMO word egter op 'n streekkantoorbasis bedryf.)

Programfokus

Gedurende hierdie boekjaar gaan Program 1 op die volgende strategiese terreine fokus:

- Die implementering van die departement se organisatoriese struktuur en organisatoriese herontwerpproses om die kapasiteit vir dienslewering en prestasiemonitering binne die beperkings van die plafon wat vir besteding aan die vergoeding van werknemers (VvW) gestel is;
- Om 'n aanlyn-opleidingsplatform te gebruik om die kapasiteit van maatskaplike werkers, maatskaplikewerktoesighouers en bestuurders te bou ten opsigte van die implementering van die Kinderwet; en
- Verbetering van bestuursprakteke binne die departement ten einde 'n ongekwalifiseerde auditstatus te handhaaf. Om dit moontlik te maak, is volle nakoming van die wette, regulasies en omskrewe internebeheerprosesse nodig.

STRATEGIESE DOELWIT

Strategiese doelwit	Om strategiese ondersteuningsdienste te voorsien ten einde goeie bestuursbeheer en dienslewering van gehalte te bevorder.
Doelwitverklaring	Om teen Maart 2020 strategiese ondersteuningsdienste te voorsien ten einde goeie bestuursbeheer en dienslewering van gehalte te bevorder.
Basislyn	Basislyn: Ongekwalifiseerde auditmening sonder beklemtoningsaangeleenthede en geen wesentlike bevindinge oor finansiële aangeleenthede en die bruikbaarheid en betrouwbaarheid van gerapporteerde prestasie-inligting nie.
Regverdiging	Om die WKR se doeltreffendheid ten opsigte van verbeterde dienslewering te versterk.
Koppelings	Hierdie doelwit sluit aan by PSD 5: "Om goeie staatsbestuur en geïntegreerde dienslewering deur vennootskappe en die bewerkstelliging van ruimtelike ooreenstemming vas te lê"; en departementele strategiese doelstelling 1: "Verbeterde korporatiewe bestuursbeheer". Dit hou verder ook ten nouste verband met die NOP 2030-uitkomste: "Bou 'n bekwame en ontwikkelingsgerigte staat" en "Beveg korruptie" en die MTSR 2019-uitkomste: "n Doeltreffende, doelmatige en ontwikkelingsgeoriënteerde staatsdiens".

Strategiese doelwit	Prestasie-aanwyser vir strategiese doelwit	Teiken volgens strategiese plan	Geouditeerde/Werklike prestasie			Beraamde prestasie 2015/16	Mediumtermyn-teikens		
			2012/13	2013/14	2014/15		2016/17	2017/18	2018/19
Om strategiese ondersteuningsdienste te voorien ten einde goeie bestuursbeheer en dienslewering van gehalte te bevorder	Ongekwalifiseerde auditmening sonder beklemtoningsaangeleenthede en geen wesentlike bevindinge oor finansiële aangeleenthede en die bruikbaarheid en betrouwbaarheid van gerapporteerde prestasie-inligting. Nuwe aanwyser	Ongekwalifiseerde auditmening sonder beklemtoningsaangeleenthede en geen wesentlike bevindinge oor finansiële aangeleenthede en die bruikbaarheid en betrouwbaarheid van gerapporteerde prestasie-inligting nie	Skoon audit	Skoon audit	Skoon audit	Ongekwalifiseerde auditmening sonder beklemtoningsaangeleenthede en geen wesentlike bevindinge oor finansiële aangeleenthede en die bruikbaarheid en betrouwbaarheid van gerapporteerde prestasie-inligting	Ongekwalifiseerde auditmening sonder beklemtoningsaangeleenthede en geen wesentlike bevindinge oor finansiële aangeleenthede en die bruikbaarheid en betrouwbaarheid van gerapporteerde prestasie-inligting	Ongekwalifiseerde auditmening sonder beklemtoningsaangeleenthede en geen wesentlike bevindinge oor finansiële aangeleenthede en die bruikbaarheid en betrouwbaarheid van gerapporteerde prestasie-inligting	Ongekwalifiseerde auditmening sonder beklemtoningsaangeleenthede en geen wesentlike bevindinge oor finansiële aangeleenthede en die bruikbaarheid en betrouwbaarheid van gerapporteerde prestasie-inligting

SEKTOPRESTASIE-AANWYSERS⁷

PROGRAMPRESTASIE-AANWYSER

Programprestasie-aanwyser	Geouditeerde/Werklike prestasie			Beraamde prestasie 2015/16	Mediumtermyn-teikens		
	2012/13	2013/14	2014/15		2016/17	2017/18	2018/19
Getal opleidingsintervensies vir maatskaplikewerk- en maatskaplikewerkverwante beroepe	19	41	34	25	25	25	25
Getal gegradeerde/voorgraadse interns	63	146	185	115	52	0	0
Getal interns wat deel uitmaak van Premier se "bevordering van die jeug"- (PBJ-) internskaprogram	83	60	20	20	20	20	20
MPAT-vlak vir die bestuurstandaard: strategiese planne	-	-	Nuwe aanwyser	4	4	4	4
MPAT-vlak vir die bestuurstandaard: jaarlikse prestasieplanne	-	-	Nuwe aanwyser	4	4	4	4

⁷ Ongerapporteerde sektaanwysers word in Bylae E uitgestip.

Programprestasie-aanwyser	Geouditeerde/Werklike prestasie			Beraamde prestasie 2015/16	Mediumtermyn-teikens		
	2012/13	2013/14	2014/15		2016/17	2017/18	2018/19
MPAT-vlak vir die bestuurstandaard: korporatiewe bestuursbeheer van IKT	-	-	Nuwe aanwyser	4	4	4	4
MPAT-vlak vir die prestasie-area: voorsieningskanaalbestuur ⁸	MPAT: 3 FBVP: 2,7 ⁹	MPAT 3 SBOV: 3	MPAT: 4 SBOV: 3+	3	3	3	3
MPAT-vlak vir die prestasie-area: finansiële bestuur ¹⁰	MPAT: 2 FBVP: 3+	MPAT 3 SBOV: 3+	MPAT: 3,8 SBOV: 3+	3	4	4	4

Kwartaallikse ontleding

Programprestasie-aanwyser	Verslag-doenings-tydperk	Jaarlikse teiken 2016/17	Kwartaallikse teikens				Akkumulatief / Nie-akkumulatief
			1ste	2de	3de	4de	
Getal opleidingsintervensies vir maatskaplike werk- en maatskaplike werkverwante beroepe	Kwartaalliks	25		10	10	5	A
Getal gegradueerde/voorgraadse interns	Jaarliks	52					N-A
Getal interns verbonde aan die Premier se "bevordering van die jeug"- internskapproogram	Jaarliks	20					N-A
MPAT-vlak vir die bestuurstandaard: strategiese planne	Jaarliks	4					N-A
MPAT-vlak vir die bestuurstandaard: jaarlike prestasieplanne	Jaarliks	4					N-A
MPAT-vlak vir die bestuurstandaard: korporatiewe bestuursbeheer van IKT	Jaarliks	4					N-A
MPAT-vlak vir die prestasie-area: Voorsieningskanaalbestuur	Jaarliks	3					N-A
MPAT-vlak vir die prestasie-area: finansiële bestuur	Jaarliks	4					N-A

8.1 Rekonsiliasie van prestasieteikens met die begroting en MTUR

Beraamde uitgawes

Opsomming van betalings en ramings – Program 1: Administrasie

Subprogram R'000	Uitkomste			Hoof- begroting	Aangesuiwerde begroting	Hersiene raming	Mediumtermyn-raming				% verandering uit hersiene raming
	Geouditeer	Geouditeer	Geouditeer				2016/17	2017/18	2018/19		
	2012/13	2013/14	2014/15	2015/16	2015/16	2015/16	2016/17	2017/18	2018/19	2015/16	
1. Kantoor van die LUR	5 730	6 394	6 777	6 366	5 765	5 765	5 875	6 358	6 811	1.91	

⁸ Vlak van prestasie vir al vier standarde van die instrument vir die evaluering van bestuursprestasie (MPAT) moet vir hierdie prestasie-area behaal word soos uiteengesit in die Handleiding vir Aanwyserbeskrywings (HAB).

⁹ Aanwyser het prestasie gemeet aan die hand van die MPAT-vlak sowel as die vlak van die plan vir die verbetering van finansiële bestuur (FBVP).

¹⁰ Vlak van prestasie vir al vyf MPAT-standaarde moet vir hierdie prestasie-area behaal word soos in die HAB uiteengesit.

2.	Korporatiewe bestuursdienste	125 996	122 303	132 189	114 935	117 705	117 705	123 775	131 810	141 756	5.16
3.	Distrikbestuur	45 692	48 100	50 077	53 074	53 566	53 566	56 156	60 442	65 029	4.84
	Totale betalings en ramings	177 418	176 797	189 043	174 375	177 036	177 036	185 806	198 610	213 596	4.95

Opsomming van betalings en ramings per ekonomiese klassifikasie – Program 1: Administrasie

Ekonomiese Klassifikasie R'000	Uitkomste			Hoof- begroting	Aangesulver- de begroting	Hersene- raming	Mediumtermyn-raming			% verandering uit hersiene raming
	Geouditee r	Geouditee r	Geouditee r				2016/1 7	2017/1 8	2018/1 9	
	2012/13	2013/14	2014/15	2015/1 6	2015/1 6	2015/1 6	2015/1 6	2015/1 6	2015/1 6	2015/1 6
Lopende betalings	166 409	164 982	175 792	165 261	166 534	166 638	175 633	188 130	202 404	5.40
Vergoeding van werknemers	129 182	122 089	136 858	124 417	129 518	129 617	139 937	150 409	162 748	7.96
Goedere en dienste	37 227	42 893	38 934	40 844	37 016	37 021	35 696	37 721	39 656	(3.58)
Rente op en verhuring van grond										
Oordragte en subsidies aan	1 014	198	723	274	1 480	1 558	529	354	582	(66.05)
Provinsies en munisipaliteit										
Departementele agentskappe en rekeninge	5	6	13	19	19	17	17	18	18	
Instansies sonder winsbejag										
Huishoudings	1 009	192	710	255	1 461	1 541	512	336	564	(66.77)
Betalings vir kapitaalbates	9 906	11 511	10 947	8 840	9 022	8 840	9 644	10 126	10 610	9.10
Geboue en ander vaste strukture			3 049							
Masjinerie en toerusting	9 906	11 511	7 898	8 840	9 022	8 840	9 644	10 126	10 610	9.10
Waarvan: "Gekapitaliseerde goedere en dienste" ingesluit is by Betalings vir kapitaalbates										
Betalings vir finansiële bates	89	106	1 581							
Totaal ekonomiese klassifikasie	177 418	176 797	189 043	174 375	177 036	177 036	185 806	198 610	213 596	4.95

Prestasie en bestedingstendense

Die departement se planne en begrotings sal steeds herlei word om die mees ekonomiese, doeltreffendste en doelmatigste passing te verseker tussen gemeenskapsbehoeftes sowel as nasionale en provinsiale strategiese prioriteite, waarvan PSD 5: "Om goeie staatsbestuur en geïntegreerde dienslewering deur vennootskappe en die bewerkstelliging van ruimtelike ooreenstemming vas te lê" en die DMO se strategiese doelstelling 1 die beduidendste is.

In die loop van hierdie MTUR-tydperk gaan die volgende strategiese besluite 'n impak op die strategiese uitkomste hê:

- Voorsiening om die Wetsontwerp op Lone te implementeer en die impak wat die voortsetting daarvan op die duur van die MTUR gaan hê;
- Werwing vir prioriteitsposte om die impak van begrotingsbesnoeiings op dienslewering en die afname in interns te minimaliseer;
- Sentralisering van strategiese verkrygingsfunksies en strategiese verkryging van hulpbronne; en
- IKT-hernuwingstydperk wat vanaf vier na vyf jaar verleng is.

8.2 Risikobestuur

Die volgende kritieke risiko's wat hieronder uiteengesit word, is toe te skryf aan die verlaging van die departement se basislyn oor die MTUR:

Risiko	Versagting van risiko
Diensleweringsdekking kan negatief beïnvloed word as gevolg van 'n onvermoë om beplande kantore te open; verouderende infrastruktuur; onvermoë om residensiële plekke van veiligheid, hoofkantoor, streekskantore en plaaslike kantore se infrastruktuur in stand te hou; en die departement van arbeid se sluiting van kantore om beroepsgesondheid- en -veiligheidsredes, ens.;	Sentraliseer dienste by die streekskantore waar beplande plaaslike kantore nie gevestig is nie; Herprioritiseer G-BBP in oorleg met DVOW.
Risiko's vir VvW: 'n Verlaging in die getal interns, onvermoë om die nodige kundigheid te lok en 'n verlaging in die kapasiteit om kontrakte te bestuur wat die departement aan 'n geknoeiery en/of die misbruik van oordragbefondsing blootstel.	Herorganiseer personeel om noodsaklike dienste te dek en prioritiseer laasgenoemde; gebruik gekontrakteerde maatskaplikewerkgraduandi om permanente poste te vul; vul slegs noodsaklike poste wat kapasiteit vir dienslewering en prestasiemonitoring sal verseker.
'n Werklike afname in befondsing aan OSW's sal 'n impak hê op hul vermoë om dienste namens die departement te lewer wat die sluiting van OSW's tot gevolg kan hê.	Herprioritiseer dienslewering en befondsing ten opsigte van statutêre teenoor nie-statutêre dienste.
Versterking van besuinigingsmaatreëls.	Verlaag koste deur, byvoorbeeld, nuwe benaderings ter bevordering van doeltreffendheid te ondersoek wat, onder ander, insluit om 'n nuwe diensverskaffer vir telekommunikasie aan te stel; sny alle reiskoste; en ondersoek alternatiewe diensverskaffers vir vlootbestuur.

Program 2: Maatskaplikewelsynsdienste

Doel van die program

Verskaf geïntegreerde ontwikkelingsgerigte maatskaplikewelsynsdienste aan arm en kwesbare mense in vennootskap met belanghebbers en organisasies vanuit die burgerlike samelewing.

Subprogram 2.1 Bestuur en ondersteuning

Doel van subprogram

Lê bepalings neer vir die betaling van salarisse aan en die administrasiekoste van bestuur- en ondersteuningspersoneel wat dienste oor alle subprogramme vervat in hierdie program lewer.

Subprogram 2.2 Dienste aan ouer persone

Doel van subprogram

Ontwerp en implementeer geïntegreerde dienste vir die versorging, ondersteuning en beskerming van ouer persone.

Programfokus

Die program vir ouer persone volg 'n ontwikkelingsgerigte benadering en streef daarna om ouer persone vir solank as moontlik in hulle gesinne en gemeenskappe te hou. Die vernaamste doelwit van die program is om sorg, ondersteuning en beskerming aan ouer en kwesbare ouer persone in hul gemeenskappe te verskaf.

Deur behoeftes ooreenkomsdig beskikbare hulpbronne te prioritiseer, sal die program op die volgende intervensies fokus:

- Deurlopende registrasie van residensiële sorgfasiliteite vir verswakte ouer persone;
- Registrasie van dienssentrums;
- Alternatiewe modelle vir sorg en ondersteuning soos dagsorgsentrums, dienssentrums, verposingsorg, onafhanklike verblyf, bygestaande verblyf en huisgebaseerde sorg; en
- Herbeskouing van befondsingsvlakke om sorg en ondersteuning van ouer persone in residensiële fasiliteite en gemeenskapgebaseerdeorg-ondersteuningsentrum te verseker as deel van die program se strategie om bestaande maatskaplikewelsynsdienste vir ouer persone in die provinsie te handhaaf en te ondersteun. Bykomende dienste vir ouer persone sluit in oefenprogramme, voeding en die beskerming van ouer persone. Gedaglig aan verskeie sosio-ekonomiese veranderlikes wat 'n negatiewe impak kan hê op die lewensgehalte en welstand van ouer persone sal die program daardie gespesialiseerde dienste handhaaf wat deur 'n verskeidenheid OSW-vennote gelewer word en wie vakkundiges op die terrein van maatskaplike dienste in diens het.

Die voormalde prioriteit stem ooreen met die statutêre verpligtinge wat in die Wet op Ouer Mense en sy regulasies vervat is sowel as die departement se voorname om dienste van gehalte in hierdie verband te lewer.

STRATEGIESE DOELWIT

